# LEIERSKAP

Dankie, Broer Williams. Gegroet, Broer Salano en sy vrou, en al die afgevaardigdes hier by hierdie banket vanaand. Dis beslis is 'n groot voorreg om hier te wees. Ek het uitgesien na hierdie uur vandat ons hiernatoe oppad was.

2 En ek—ek wil daardie dame bedank, ek kan nie aan haar naam dink nie, Billy het my so pas gesê, wat vir my 'n doos Kersfeessjokolade gegee het, en dit net na die motor toe uitgebring het 'n paar oomblikke gelede. Die suster, ek kan nie aan haar naam dink nie, sy's van hier in Kalifornië. Dit was my eerste Kersgeskenk. So ek—ek bedank jou daarvoor.

3 Nou, vanaand is dit. . . nou in Tucson is dit tien minute oor nege, maar ek dink dis net tien minute oor agt hier. So ons. . . Ek het soort van 'n gevoel onder die mense, ek's soort van langdradig met prediking, so ek—ek hoop. . . [Gemeente gee applous—Red.] Dankie. So 'n. . . paar bedagsame mense hierbinne. Ek dank u.

4 Maar ek's—ek's net 'n bietjie uitgepreek, omtrent, vanaand, ek is so lank aan die gang van—van Shreveport af en oor die land (oppad hiernatoe) aand na aand, en jy raak net 'n bietjie—'n bietjie ontsteld, julle weet, en koud, en jou keel raak hees. Ek het begin by Shreveport. Ek het my hare verloor toe ek was. . . paar jaar gelede. En ek het 'n klein stukkie gehad wat ek opgesit het wanneer ek in die noorderland preek, om 'n verkoue te verhoed. Ek het na Shreveport toe gegaan en dit vergeet, en ek het regtig 'n verkoue gekry. Daardie wind wat oorkom soos daardie, julle weet net nie. Dit is per ongeluk uitgehaal, en die vel is nog sag, en met net 'n bietjie sweet en ek het dit regtig in die keel gekry; moes baie dienste sluit. So ek's net 'n klein bietjie hees vanaand.

5 Ons wil sê ons het 'n wonderlike tyd gehad oppad hiernatoe, egter, in die dienste. Gisteraand het ons 'n wonderlike tyd gehad bo in. . . saam met die broers, bo, die ander tak. En so 'n groot skare uit gehad en wonderlike bywoning, die mense so stemmig en aangenaam. So dit laat my baie goed voel om deel te wees van die Volle Evangelie Sakemanne. Dit was. . .

6 Ek het 'n Boodskap, voel ek, van God. Dis net 'n bietjie vreemd vir party mense. En ek kan nie help om te wees niks meer. . . Ek moet net wees wat ek is. En ons. . . Ek bedoel nie om anders te wees nie, dis net dat ek—ek in 'n veranderende tyd lewe. Ons. . .

7 Solank as wat jy die muur op een reguit manier bou, is dit alles reg, die—die baksteenlêers kan reg afgaan met die ry. Maar wanneer jy om die hoek moet gaan, dis waar die tyd. . . En ons bou nie 'n muur nie; ons bou 'n huis, julle sien, so die wendings moet kom. Hulle het gekom in die tydperk van Martin Luther,

John Wesley, en die Pinstertydperk; dis weer hier. So ons... dis moeilik om om die hoeke te gaan. Maar ek's so dankbaar vir...teenoor God, selfs met hoe rof dit was, die mense het eenhonderd persent gereageer. So ons is baie dankbaar, bedank elkeen van julle.

En nou voor ons die Boek oopmaak, laat ons met die Skrywer praat, as julle sal, net 'n oomblik, terwyl ons ons hoofde buig:

8 Dierbare God, ons is dankbaar teenoor U vanaand vir die voorreg om Jesus Christus (ons Verlosser) U Seun te ken, in die vrye vergifnis van ons sondes, en om te weet dat Sy Bloed genoegsaam is wat al ons sondes en ongeregtighede toegemaak het. Hulle is so uitgewis en geplaas in die see van God se vergetelheid en Sy Bruid sal by die Bruilofsmaal staan, suiwer, onbesmet, om met die Seun van God te trou. Hoe ons U dank vir hierdie algenoegsaamheid en die geloof om te weet dat ons nie in ons eie verdienstelikheid vertrou nie, maar in Sy verdienstelikheid alleen, vir wat Hy vir ons gedoen het. Ons is so dankbaar.

9 Dankie vir die—die sukses wat hierdie broers gehad het oorsee en die lande daar oorkant waar hulle honger en dors na God. Ek bid, Here, dat as hulle weer teruggaan, dat daardie kinders, wat hulle in die Koninkryk ingebring het, oumagrootjies en oupas sal wees van die kinders wat hulle ook sal inbring. Skenk dit, Vader.

10 Seën ons saam, vanaand, en mag die Heilige Gees vir ons die dinge gee wat ons nodig het. Sluit ons monde vir die dinge wat ons nie moet sê nie, en open ons harte om te ontvang wat U vir ons sou sê. Skenk dit, Vader. In Jesus se Naam bid ons. Amen.

11 Nou laat ons blaai in die Bybel na 'n teksie waaroor ek wil preek vir 'n rukkie vanaand, en dit word gevind oorkant in Markus, die 10de hoofstuk.

12 En ek het...'n Paar jaar gelede as ek sou preek, sou ek—sou ek nie eens 'n nota hoef te geskryf het nie, ek kon dit onthou. En ek hoef nie 'n bril te geneem het om dit uit die Bybel te gelees het nie. Maar vandat ek nou verby vyf-en-twintig is, twee keer, en so soort van 'n bietjie moeilik vir my om—om te maak soos ek altyd het. En dis soos 'n ou motor, maar ek loop nog. Uh-huh, ek wil bly voortkruie totdat dit...ek na die skrootwerf gaan, om weer oor gevorm te word. Dis die belofte.

13 Lukas, die 10de hoofstuk, en vanaf die...ek glo ek het gesê die 21ste vers, as ek dit hier iewers kan kry. Ek's verkeerd, dis Markus. Verskoon my.

14 Markus, die 10de hoofstuk, en die—die twintig...vanaf die 21ste vers, wil ek lees. Laat ons die 17de vers kry, liewer:

> *En toe Hy op die pad uitgaan, hardloop daar een na Hom toe en val voor Hom op die* knieë neer *en vra Hom,*

deur te sê: *Goeie Meester, wat moet ek doen om die ewige lewe te beërwe?*

*En Jesus sê vir hom: Waarom noem jy My goed? Niemand is goed nie, behalwe Een, en naamlik God.*

*Jy ken die gebooie: Jy mag nie egbreek nie, jy mag nie doodslaan nie, jy mag nie steel nie, jy mag geen valse getuienis gee nie, jy mag niemand te kort doen nie; eer jou vader en jou moeder.*

*Maar hy antwoord en sê vir Hom: Meester, al hierdie dinge het ek onderhou van my jeug af.*

*En gesê. . .En Jesus het hom aangekyk en hom liefgekry en vir hom gesê: Een ding kom jy kort — gaan verkoop alles wat jy het, en gee dit aan die armes, en jy sal skatte in die hemel hê; kom dan hier, en neem jou kruis op en volg My.*

*Maar hy het treurig geword oor dié woord en hy het bedroef weggegaan, want hy het baie besittings gehad.*

En mag die Here die lees van Sy Woord seën.

15 Nou, ons gaan vanaand praat oor 'n onderwerp. Ek wil hê my teks moet wees "Volg My" en my onderwerp: *Leierskap*.

16 Nou dis vreemd, maar ek het gedink miskien, in gebed vandag. . .En dit was so lank, en elke aand reg volgens die trant van die Boodskap wat ek het, wat die Here my gegee het om oor te preek. Ek het gedink vanaand, oorkant in hierdie nuwe tak, sou ek dit van 'n ander standpunt af benader. En baiekeer het ons hieroor gepraat, dit genoem: "Die Ryk Jong Man." En—en baie van die predikers hier, my broers, het dit sonder twyfel benader op baie verskillende maniere. En ek wil dit probeer benader op 'n—'n ander manier vanaand as wat ek ooit het, hierdie van *Leierskap*.

17 Hierdie, onthou dit, dat elkeen van ons, jonk en oud, jou eerste tree wat jy ooit gegee het in jou lewe, moes iemand jou lei. Dis reg. En jou laaste tree wat jy ooit sal gee, sal iemand jou lei. Iemand moet lei.

18 God het ons vergelyk met skape. En as enigiemand weet van met skape boer en die geaardheid van skape, wel, jy sou weet dat 'n skaap nie sy pad kan vind nie. Hy moet gelei word. Selfs in die slagpale, vind ons dat hulle die skape soontoe bring en hy word opgelei na die slagting deur 'n bok. 'n Bok lei hom boontoe, dan wanneer hy bo by die einde van die gang kom, spring hy uit, en die skaap gaan reguit voort in die slagting in. So hulle. . .Ons vind dat 'n skaap nie sy pad kan vind nie.

19 Ek onthou 'n ondervinding wat ek met een gehad het, eenkeer. Ek was staatswildbewaarder in Indiana, en ek was buite in die veld, en ek het iets gehoor, die mees patetiese kreet. En dit was 'n—'n lammetjie, het—het sy mamma verloor. En hy kon nie

sy pad na haar toe vind nie, en die mamma kon nie haar pad na die—na die lammetjie toe vind nie. Ek het die kêreltjie opgetel, en hoe stil het hy teen my gelê. Ek het daarlangs gegaan, my hande wat die kêreltjie vasgehou het. En geblêr, en—en ek het hom gehoor. Hoe hy net sy koppie teen my vasgedruk het en dit het gelyk of hy geweet het ek—ek—ek sou hom help.

20 Ek het gedink: "O, Rots van die Eeue, geklief vir my, tel my op in die arms van die Here Jesus, net tevrede om te weet ek—ek gaan Huis toe om by my geliefdes te wees." Ek het gedink: "Aan die einde van my lewensreis, bring my net in U arms, Here, soos daardie. Dat ek sal weet ek sal oor die rivier gedra word dan, daar aan die ander kant waar daar nie meer droefheid en siektes, en dinge sal wees nie, en ek sal by die geliefdes wees wat ek liefgehad het."

21 En as jy die natuur sal bestudeer, daar's iets groots in die natuur. Alles waarna ek—waarna ek kyk, en wat God gemaak het, Hy is die Bewerker van die natuur. Die natuur is aaneenlopend. Die hele natuur verloop omtrent dieselfde. Julle let op, alles. . . Soos ek gesê het, gisteraand glo ek, dat "Die natuur getuig van God." As jy nooit 'n Bybel gehad het nie, kon jy steeds die natuur dophou en weet dat hierdie Bybel die Waarheid is.

22 Ek—ek het die voorreg gehad om om-en-om die wêreld te gaan. En ek het die verskillende fases gelees, en ek het verskillende godsdienste gesien; die Mohammedane, en ek het die Koran gelees, en—en die Sikhs gesien, die Djainas, en Mohammedane, en die Boeddhiste, en wat nog. Maar tog, elkeen van hulle, hulle het 'n filosofie en 'n—'n—'n—'n boek van leerstelling en 'n boek van wette, ensovoorts. Maar ons Bybel is die Waarheid, en ons God is die enigste Een wat reg is; want elkeen van hulle moet wys na 'n graf iewers waar hulle stigter steeds lê, maar Christendom wys na 'n oop graf en kan leef in die Teenwoordigheid van die Een wat daarin gesit is. Hy is lewendig! Dis nie 'n God wat was nie, Dis 'n God wat is. Nie 'n "*Ek was*" of "*Ek sal wees*" nie, maar "EK IS."

23 En die hele natuur is aaneenlopend, soos ek gesê het, gepraat het oor ons Kerkeeue (wat ons nou in boeke het wat uitkom). Die. . . Waarom het ek. . . oor my skryf van die Kerkeeue. En hoedat ons die Kerk sien, hoe Dit volwasse geraak het, opgekom het presies soos die hele natuur maak.

24 En ons het nou die dag gepraat oor hoe die son opkom in die oggend, dis 'n babatjie, baie swak, glad nie veel krag daarin nie. En soos die dag aangaan, raak dit sterker, sterker. Omtrent agtuur gaan dit die skool binne, soos 'n jong seun of jong meisie. En dan omstreeks elfuur is dit uit die skool uit, en dis reg vir sy—sy diensbaarheid. En dan oor na omtrent drie-uur verander dit, in die middellewe na ouderdom. En sterf dan in die middag. Is dit

die einde van die son? Nee. Dit kom die volgende oggend terug, om te getuig daar is ’n lewe, ’n dood, ’n begrafnis, ’n opstanding. Sien? Sien?

25 Ons hou die bome dop, hoe hulle beweeg en wat hulle doen. Ek was ’n tyd gelede onder in Kentucky, ek—ek hou daarvan om eekhorinkies te jag, en ek het afgegaan in die herfs van die jaar om daar eekhorinkies te jag saam met ’n vriend van my. En dis . . . het baie droog geword.

26 En enigiemand wat ooit grys eekhorinkies gejag het, weet hoe moeilik dit is om hulle te bekruip. Wanneer, die—die blare, laat net een kraak, en, o, Houdini is ’n amateur ontsnapkunstenaar teenoor—teenoor daardie kêrels, hoe hulle kan wegkom! En dan oogskote te probeer skiet op vyftig jaarts, dit kos goed jag om jou kwota vir ’n dag te kry.

27 So, Mnr. Wood, ’n vriend van my, ’n—’n bekeerde Jehova Getuie, was saam met my. En ons . . . Hy het gesê: “Ek ken ’n plaas hier oorkant waar daar ’n man is wat baie . . . ” Ons noem hulle daar: “leegtes.”

28 Hoeveel weet wat ’n *leegte* is? Wel, van watter deel van Kentucky is julle, in elk geval? Sien? En dis waar ek vandaan kom.

29 Soos hier in een van die takke, nie lank gelede nie; ek moet dit vir Broer Williams en hulle vertel, die broers. Hulle het gesê: “Ons sal nou staan en die volkslied—lied sing.”

30 En ek het gesê: “*Vir my ou Kentucky huis*.” So niemand het saam met my gesing nie, so . . . Dit was die enigste volkslied wat ek geken het. En so ons was—ons was nou . . .

31 Goed, meneer. [Daar word ’n nota aan Broer Branham oorhandig—Red.]: “Bid asseblief, vir ’n dame hierbinne wie se neus nou bloei.”

Laat ons bid:

32 Dierbare God, ek vra U, Here, U is die—die groot Geneesheer en ek vra dat U genade en barmhartigheid hierdie dierbare vrou net nou sal aanraak en daardie bloed sal stop. As gelowige mense wat bymekaar gekom het, die dame het hiernatoe gekom om die Woord van die Here te geniet en die gemeenskap van die mense, en ek vra U, Here, net nou, om die vyand te bestraf en die bloed te stop. In Jesus Christus se Naam. Amen. (En ons glo dit, ons glo dit.)

33 Voort met die storietjie om net soort van ’n gevoel te kry voordat ons reg in die paar notas ingaan wat ek hier neergeskryf het, en Skrifgedeeltes.

34 Nou hy het gesê: “Wel, hierdie ou man, ons sal soontoe gaan en hom gaan sien. Hy het baie leegtes in sy plek,” het hy gesê: “maar hy’s ’n ongelowige.” Hy het gesê: “As . . . Hy sal ons net omtrent vervloek as ons soontoe gaan.”

35 Ek het gesê: “Maar ons kry geen eekhorinkies hier nie. Ons het twee weke gekampeer.” En ons was vuil, en baard oraloor ons gesig.

36 En hy het gesê: “Wel?”

Ek het gesê: “Kom ons gaan soontoe.”

37 So ons het ’n paar myl ondertoe gegaan, omtrent twintig myl. Ek was onder in die streek een keer tevore, vir drie aande, by ’n Metodiste kampgronde waar daar ’n paar groot dinge was wat die Here gedoen het, en groot genesingsdiens onder die Metodiste mense. En toe het ons ver teruggegaan oor ’n paar heuwels en leegtes en rantjies. En jy moet net Kentucky ken om dit te ken, watter soort plek jy moes ingaan. En terwyl ons daarnatoe gegaan het, het ons by ’n huis gekom, en daar het ’n ou man gesit, twee ou mans, daarbuite gesit met hulle hoede oor hulle gesigte afgetrek, en—en hy het gesê: “Daar is hy,” het hy gesê: “hy’s ’n taaie.” Gesê: “Hy haat die woord van ’n ‘prediker,’” het hy gesê.

38 So ek het gesê: “Wel, ek beter net in die motor sit, of ons sal glad nie gejag kry nie.” Ek het gesê: “Gaan jy in en vra hom of ons kan jag.”

39 So hy het uitgeklim en begin instap, hy het met hulle gepraat. En in Kentucky, altyd, julle weet, is dit “kom in,” ensovoorts. En so het hy daarnatoe gegaan en hy het gesê: “Ek het net gewonder of ons nie net ’n rukkie op jou plek kan jag nie.”

40 Die ou man wat daar gesit het, omtrent vyf-en-sewentig jaar oud, tabak wat teen sy mond afgeloop het, hy het gesê . . . gespoeg, en hy het gesê: “Wat’s jou naam?”

Hy het gesê: “My naam is Wood.”

Hy het gesê: “Is jy enigsins familie van ou man Jim wat gewoon het . . . ”

Hy het gesê: “Ja, ek’s Jim se seun.” Gesê: “Ek’s Banks. Ja.”

41 “Wel,” het hy gesê: “ou man Jim was ’n eerlike man.” Gesê: “Sekerlik, help jouself.” Hy het gesê—gesê: “Is jy alleen?”

Hy het gesê: “Nee, my pastoor is daarbuite.”

Hy het gesê: “Wat?”

Hy het gesê: “My pastoor is buite in die motor,” gesê: “hy jag saam met my.”

42 Hy het gesê: “Wood, jy bedoel nie jy het so laag gedaal dat jy ’n prediker moet saamsleep met jou waar jy ook al gaan nie?”

43 So hy’s ’n rowwe, ou karakter, so ek het gedink ek beter uit die motor uitklim, julle weet. So ek het uitgeklim en omgeloop, en hy het gesê: “Wel, en jy’s ’n prediker, huh?”

44 Ek het gesê: “Ja, meneer.” Hy het my op-en-af gekyk; eekhoringbloed, en grond. Hy het gesê—hy het gesê . . . Ek het gesê: “Lyk nie baie so nie.”

45 Hy het gesê: "Wel, ek hou soort van daarvan." Hy het gesê: "Jy weet, ek wil vir jou iets vertel." Hy het gesê: "Ek's veronderstel om 'n ongelowige te wees!"

46 Ek het gesê: "Ja, meneer, ek het so verstaan." Ek het gesê: "Ek dink nie dis iets om oor te spog nie, egter. Dink jy?"

47 En hy het gesê: "Wel," het hy gesê: "ek weet nie." Hy het gesê: "Ek gaan vir jou vertel wat ek van julle ouens dink."

Ek het gesê: "Goed."

48 Hy het gesê: "Julle blaf voor die verkeerde boom." En hoeveel weet wat dit beteken? Sien? Dit beteken dis 'n vals hond, julle sien; die wasbeer is glad nie daarbo nie, sien. Hy het gesê: "Julle blaf voor die verkeerde boom."

Ek het gesê: "Dis jou opinie."

49 En hy het gesê: "Wel," het hy gesê: "kyk, jy sien daardie ou skoorsteen wat daarbo staan?"

"Ja."

50 "Ek is daarbo gebore, vyf-en-sewentig jaar gelede." En gesê: "Ek het net hier in hierdie heuwels gewoon, oral rond, deur al hierdie jare." En gesê: "Ek het in die lug opgekyk, ek het hier en daar gekyk, en, sekerlik, in al hierdie vyf-en-sewentig jaar, sou ek iets gesien het wat gelyk het na God. Dink jy nie so nie?"

51 Ek het gesê: "Wel, dit hang af na wat jy kyk, sien, of waarna jy soek."

52 En hy het gesê: "Wel," het hy gesê: "ek—ek glo beslis nie daar is so 'n skepsel nie. En ek glo julle kêrels gaan net eenvoudig uit en verkul die mense uit hulle geld uit en alles. En dis hoe dit gaan."

53 Ek het gesê: "Wel, jy's 'n Amerikaanse burger, jy het 'n reg tot jou eie—eie denkwyse."

54 Hy het gesê: "Daar's een kêrel, eenkeer, waarvan ek gehoor het," het hy gesê: "wat ek sekerlik. . . As hy. . . As ek ooit met daardie kêrel kon praat," gesê "sou ek graag vir hom 'n paar vrae wou—wou vra."

Ek het gesê: "Ja, meneer."

55 Hy het gesê: "Dit was 'n prediker, jy mag hom ken." Gesê: "Hy het 'n diens gehad hierbo in Campbellsville, nie lank gelede nie, in 'n kerkgronde daarbo, 'n kampgrond." En hy het gesê: "Ek vergeet sy naam." Gesê: "Hy's van Indiana."

En—en ek het gesê: "O? Ja, meneer."

56 En Broer Woods het begin sê: "Wel, ek. . . " ("Moenie dit sê nie.") En so het hy gesê. . .

Ek het gesê: "Wat van hom?"

57 Hy het gesê: "Wel," het hy gesê: "ou dame. . . " (iemand) "daarbo op die heuwel. . . " Gesê: "Jy weet, sy was op sterwe met

kanker." En gesê: "Ek en die vrou sou soontoe gaan in die oggend om—om haar beddegoed om te ruil." Gesê: "Hulle kon haar nie eens hoog genoeg oplig om haar op die bedpan te sit nie," gesê: "moes net 'n treklaken trek." En gesê: "Sy was op sterwe. Sy was na Louisville toe, en gesê die dokters het haar opgegee en gesê sy 'sou sterf.'

58 "En haar suster het na daardie diens toe gegaan, en gesê: 'Daardie prediker het daarbo op die platvorm gestaan, teruggekyk oor die gehoor en hierdie dame op die naam genoem, en vir haar gesê: "Toe sy vertrek het, het sy 'n sakdoek geneem en dit in haar—haar handsak gesit." En hierdie vrou se naam genoem hieronder, twintig myl hieronder, en gesê hoe sy gely het aan kanker, wat haar naam was, en alles wat sy deurgemaak het; gesê: "Neem daardie sakdoek en gaan lê dit op die vrou," en gesê dat "die vrou sal genees word van haar kanker."'"

59 En gesê: "Hulle het hiernatoe gekom daardie nag." Gesê: "Eerlikwaar ek het die vreeslikste geskreeu gehoor daarbo. Ek het gedink hulle het die Heilsleër daar losgelaat daar bo-op die heuwel. Gesê: 'Wel,' het ek gesê: 'ek reken ou suster is dood.' Gesê: 'Ons sal . . . Môre sal ons gaan en die wa kry, en hoe ons haar sal uitneem en by die grootpad kom,' en gesê: 'sodat hulle haar na die ondernemer toe kan neem.' En gesê dat die . . . Ons het gewag. Geen nut om daardie tyd van die nag op te gaan nie." Gesê: "Dis omtrent 'n myl bo-op die heuwel daar." Gesê: "Ons het daar opgegaan die volgende môre, en weet jy wat gebeur het?"

Ek het gesê: "Nee, meneer."

60 Hy het gesê: "Sy het daar gesit en gebakte appelterte eet, en koffie drink, saam met haar man."

Ek het gesê: "Bedoel jy dit?"

Hy het gesê: "Ja, meneer."

"O!" het ek gesê. "Nou, meneer, jy bedoel dit tog sekerlik nie."

61 Hy het gesê: "Wat my pla is wat . . . hoe het daardie man, en nooit in hierdie streek nie, en dit geweet het." Sien?

En ek het gesê: "O, jy glo dít nie."

Hy het gesê: "Dis die waarheid."

Ek het gesê: "Glo jy dit?" Sien?

62 Hy—hy het gesê: "Wel, gaan reguit op teen die heuwel daar, ek kan dit vir jou bewys." Hy preek nou terug vir my, julle sien.

63 So ek—ek het gesê: "Um-um." Ek het 'n appel opgetel, en—en ek het gesê: "Kan ek een van hierdie appels kry?" En ek het dit op my klere gevryf.

64 Hy het gesê: "Wel, die geelbaadjies eet hulle op, ek reken jy kan een kry." En toe . . . En nou het ek gesê: "Wel . . . " Ek—ek byt . . . gebyt daaraan, en ek het gesê: "Dis 'n lekker appel."

65 Hy het gesê: "O, ja." Gesê: "Jy weet wat? Ek het daardie boom daar geplant, o, veertig jaar gelede, of daarrond."

Ek het gesê: "O, is dit reg?"

"Ja, meneer."

66 En ek het gesê: "Wel, en elke jaar . . ." het ek gesê: "ek het opgelet ons het nog geen ryp gehad nie, dis vroeg Augustus." En ek het gesê: "Daardie blare val van die bome af."

67 "Ja, meneer. Dis reg, dit word herfs. Glo ons sal 'n vroeë een hê hierdie keer."

68 Ek het gesê: "Ja, meneer." Die onderwerp verander, sien. En hy het gesê . . . Ek het gesê: "Wel, jy weet, dis vreemd," het ek gesê: "hoe daardie sap uit daardie boom uitgaan." Ek het gesê: "En daardie blare val af, en tog is daar geen . . . hulle—hulle het geen ryp gehad om die blaar dood te maak nie."

69 En hy het gesê: "Wel," het hy gesê: "wat het dit te doen met waaroor ons praat?"

70 En ek het gesê: "Wel, ek—ek wonder net." (Julle weet, mamma het altyd gesê: "Gee 'n koei genoeg tou en dit sal ditself ophang, julle weet." So ek het hom net baie tou gegee.)

71 So hy het uitgegaan, en hy het gesê: "Wel, ja, wat het dit daarmee te doen?"

72 Ek het gesê: "Jy weet, God bring daardie appels uit, en jy geniet daardie appels en blare, en jy sit in—in die skaduwee ensovoorts. Dit gaan ondertoe in die herfs van die jaar en," het ek gesê: "kom weer boontoe met die appels en met die blare."

73 En hy het gesê: "O, dis net die natuur. Sien, dis net die natuur."

74 Ek het gesê: "Wel, natuurlik, is dit die natuur." Ek het gesê: "Dis die natuur, maar Iemand moet die natuur beheer." Sien, ek . . . hy het gesê . . . "Sê jy nou vir my wat dit doen?"

75 En hy het gesê: "Wel, dis net—net natuurlik die natuur."

76 Ek het gesê: "Wie is dit wat vir daardie blaartjie sê nou, en die . . . ?" Ek het gesê: "Nou, die rede waarom daardie blaar afval, is omdat die sap afgaan in die wortel. En wat as daardie sap bo in die boom gebly het deur die wintertyd? Wat sou gebeur?"

77 Gesê: "Dit sou die boom doodmaak."

78 "Wel," het ek gesê: "nou, watter intelligensie wat die sap na die wortel laat afloop, sê: 'Gaan nou hier uit, dit raak die herfs van die jaar, gaan af na die wortels en kruip weg'? En bly onder in die wortels soos 'n graf; en dan volgende lente kom weer op, bring nog appels op, en bring nog blare en dinge op."

79 Hy het gesê: "Dis net die natuur, dit sal dit doen." Gesê: "Die weer! Die verandering, jy weet, die herfs wat kom."

80 Ek het gesê: “Sit ’n emmer water op die paal daarbuite, en kyk of die natuur dit laat afgaan na die onderpunt van die paal en dit weer laat opkom. Sien?” Sien?

“Wel,” het hy gesê: “jy mag iets beet hê.”

Ek het gesê: “Dink daaraan terwyl ons gaan jag.”

En hy het gesê: “Wel,” en hy het gesê: “jag net waar julle wil.”

81 En het ek gesê: “Wanneer ek terugkom, as jy vir my sê watter intelligensie daardie sap uit daardie boom laat afgaan in die wortels, om heel winter te bly en die volgende winter terug te kom, sal ek vir jou sê dis dieselfde Intelligensie wat vir my gesê het van daardie vrou daarbo.”

Gesê: “Jou gesê het?”

Ek het gesê: “Ja, meneer.”

Hy het gesê: “Jy’s nie daardie prediker nie!”

Ek het gesê: “Sou jy sy naam ken?”

Gesê: “Ja.”

Ek het gesê: “Branham?”

Hy het gesê: “Dis hy.”

Ek het gesê: “Dis—dis reg.” Sien?

82 En weet julle wat? Ek het die ou man na Christus toe gelei, net daar volgens sy eie getuienis.

83 En ’n jaar later was ek daaronder en het ’n motor (Indiana lisensie daarop) in die werf ingetrek. Hulle het weggetrek, hy het gesterf. En so toe ek teruggekom het, daar het sy vrou gestaan om my regtig oor die kole te haal; ek het gedink ek het toestemming gehad om te jag. En sy het daar uitgekom, sy het gesê: “Kan jy nie lees nie?”

84 Ek het gesê: “Ja, mevrou.”

Sy het gesê: “Het jy daardie borde gesien wat sê: ‘Jag verbode!’?”

85 Ek het gesê: “Ja, mevrou, maar,” het ek gesê: “Ek—ek het toestemming.”

86 “Jy het nie toestemming nie!” het sy gesê. En gesê: “Ons het borde op hierdie plek—plek vir baie jare.”

87 Ek het gesê: “Wel, suster, dan was ek—ek verkeerd, ek’s jammer.”

88 En gesê: “Niks se gejammer nie! Daardie Indiana lisensie daarop, en sit daarbo, julle is die verwaandste mense!”

Ek het gesê: “Kan ek dit net verduidelik?” Ek het gesê . . .

Sy: “Wie het vir jou toestemming gegee?”

89 Ek het gesê: "Ek weet net nie..." Ek het gesê: "Dit was 'n ouerige man wat daarbuite op die stoep gesit het, toe ek verlede jaar hieronder was, en ons het oor God gepraat." Sien?

En sy het gekyk, sy het gesê: "Is jy Broer Branham?"

En ek het gesê: "Ja, mevrou."

90 Sy het gesê: "Vergewe my. Ek het nie geweet wie jy is nie." Sy het gesê: "Ek wil vir jou sy getuienis vertel. Sy laaste sterwensure, het hy sy hande opgesteek en God geprys." Gesê: "Hy het gesterf in Christengeloof, en is weggedra na God." Sien?

91 "As hulle stilbly, sal die klippe onmiddellik uitroep." Daar's iets in die natuur.

92 Hou die voëls dop, hou die diere dop, hou alles dop, en hou julle die natuur dop.

93 Hou die duifie dop, hoe hy vlieg. Wat 'n ander soort voël hy is, sien. Hy—hy het nie enige gal nie, hy kan nie eet soos die kraai kan nie. Sien? Hy het geen gal in hom nie. Hy hoef nie 'n bad te neem in die—in die—in die water nie, hy het iets aan sy binnekant; dit reinig hom van binne na buite, julle sien.

94 Dis hoe die Christen is. Dis hoe God Homself voorgestel het, in 'n—in 'n—in 'n duif. Sien, want...en die...Jesus was voorgestel as 'n Lam. Jy sal God altyd in die natuur vind. En God het ons vergelyk met skape wat gelei moet word. Het julle ooit opgelet daar, ek het 'n preek daaroor gepreek 'n tydjie gelede? Dat die Duif wat, neergedaal het op die Lam, om die Lam te lei, en Dit het Hom na die slagting gelei. Die—die—die Duif! Nou, as daardie Lam...Daardie Duif kon nie neergedaal het op enige ander tipe dier nie, want hulle moes beide van dieselfde geaardheid wees. Sien? As die Duif op 'n wolf sou gaan sit het, en hy sou gesnork of gegrom het, sou die Duif weggevlieg het.

95 Wel, dis dieselfde manier nou. En ons verkeerde weë, die Heilige Gees vlieg net weg en gaan weg. Dit moet dieselfde geaardheid hê. Die voël van die Hemele, die duif; die sagmoedigste dier op aarde, die lam; hulle kan saamstem. En wanneer die Heilige Gees oor ons kom en ons nuwe skepsels maak, dan kan Hy ons lei. Maar as ons dieselfde ou lewe probeer lei, sal dit nie werk nie! Dit sal net nie werk nie.

96 Nou, die eerste tree wat jy waarskynlik in jou lewe gegee het, terwyl ons praat van leierskap, is waarskynlik die hande van een of ander goedhartige ou *moeder*. Daardie hande mag stil wees vanaand, hierbuite in 'n begraafplaas iewers, maar dit was die hand wat jou vasgehou het om jou eerste tree te gee.

97 Toe, nadat moeder jou geleer het hoe om te loop, en jy 'n paar tree sou gee en dan neerval, en opstaan, en jy gedink het jy doen groot dinge, toe het sy jou oorgegee aan die *skoolonderwyseres*. En toe het sy jou begin lei na 'n geleerdheid; van hoe en wat jy moes doen, en hoe jy moet leer, en—ensovoorts soos dit.

98 Toe, nadat die *skoolonderwyseres* klaar was met jou, toe jy teruggekom het, het jou *vader* jou beetgekry. Toe, toe jou vader jou beetgekry het, het hy miskien vir jou jou besigheid geleer; hoe om 'n suksesvolle sakeman te wees, hoe om dinge reg te doen. Jou *moeder* het vir jou geleer hoe om 'n—'n huisvrou te wees, hoe om te kook, ensovoorts soos dit.

99 Toe nadat hulle klaar was met jou, toe het jou *prediker* of *priester* jou beetgekry.

100 Maar wie lei jou *nou*? Dis die vraag nou. Nou, ons word almal deur iets gelei vanaand. Ons moet wees. Ons word gelei. Let op!

101 Nou laat ons kyk na hierdie jong kêrel se. . . wat hom beïnvloed het. Kom ons kyk na die. . . hierdie jong sakeman, sal ons hom noem, want hy was 'n sakeman. Hy was 'n groot suksesvolle man. Kom ons kyk na sy leiers.

102 Miskien, eerstens, het sy moeder hom geleer, as 'n klein seuntjie, die dinge wat hy moes doen. Sy vader het hom so 'n goeie sukses gemaak, en miskien vir hom nagelaat 'n—vir hom 'n erfporsie nagelaat, want hy was self 'n heerser; miskien was sy vader oorlede, so hy was 'n—'n sakeman. Hy was 'n. . . Laat ons hom noem, vandag, soos 'n Christen sakeman; of, hy was 'n godsdienstige sakeman, ek dink sou die beste aanhaling wees.

103 Hierdie man was godsdienstig, hy was onder geen omstandighede 'n ongelowige nie. En hy is deur sy moeder geleer hoe om reg op te tree, hoe om te loop, hoe om homself aan te trek. Hy is 'n groot besigheid geleer deur sy vader, en hoe om 'n suksesvolle man te wees; en sy besigheid was suksesvol. En vader en moeder is grootgemaak in die kerk, en het hom na die priester gewys. En die priester het hom 'n baie godsdienstige man gemaak. Daarom was hy 'n goeie beskaafde man, hy was 'n goeie seun met goeie karakter.

104 As Jesus Christus na hom gekyk het en hom liefgekry het, was daar iets aan die seun wat eg was. Reg. Want die Bybel het hier gesê, ons vind uit in Markus: "En Jesus het hom aangekyk en hom liefgekry." Ja: "Jesus het hom aangekyk en hom liefgekry." So daarom moes daar iets baie uitsonderlik omtrent hierdie jong kêrel gewees het. Hy was. . . het 'n goeie karakter gehad, en 'n goeie karaktergradering. Hy was 'n man wat reg grootgemaak is; intelligent, slim, intellektueel, suksesvol in besigheid, en 'n godsdienstige man. Hy het baie goeie eienskappe gehad wat uitsonderlik was, soveel so dat dit die aandag getrek het van Jesus Christus, die Verlosser. Maar toe hy gekonfronteer is, as suksesvol in al hierdie ander dinge. . .

105 Niks het verkeerd gegaan nie; hy was volmaak reg uitgeknip, reg opgemeet, intelligent, regte geleerdheid, sy sukses, hy was slim, 'n goeie sakeman, waarskynlik aan 'n sakemansgroep behoort, daar iewers in Palestina. Hy mag behoort het aan 'n sakemansgemeenskap, soos ons hier het vanaand, het

ongetwyfeld, want sakemanne het altyd gemeenskappe met mekaar gehad, een met die ander.

106 Want net soos "voëls van eenderse vere," het hulle dinge om oor te praat. En as hierdie. . .Die godsdienstige manne, hulle wil nie praat van die man wat die kroeg bestuur en die. . . hulle almal saam nie, want hulle het niks in gemeen nie. Ons moet dinge in gemeen hê. So het Christene dinge in gemeen met Christene; sondaars het dinge in gemeen met—met sondaars; en—en verenigings, en wat hulle ook al is, hulle het dinge in gemeen. En hierdie jong seun het waarskynlik behoort aan 'n—'n sakemansgemeenskap.

107 En hy was so godsdienstig as wat hy kon wees, want Jesus het hom hier ondervra, hy het gesê: "Ek het hierdie gebooie gehoorsaam, hulle almal onderhou van my jeug af." Dis reg.

108 Sien, hy is reg grootgemaak, reg geleer, en alles. Maar toe hy gekonfronteer is met die—die gedagte van Ewige Lewe. . . Nou ek wil hê dat julle moet oplet, met al hierdie karakter wat hy gehad het, het hy tog geweet hy het nie Ewige Lewe besit nie.

109 Nou, al ons verenigings, ons kerk, ons lidmaatskap en die dinge wat ons so as kosbaar beskou, ons Amerikaanse verenigings, en alles, dis baie goed, daar's niks wat daarteen gesê kan word nie. En ons Christen Sakemansvereniging hier, is 'n groot ding, dit was 'n oop deur vir my om. . .oor my interdenominasionele gedagtes dat "ons Christen is."

110 Daar is nie een (nie een denominasie) wat kan aanspraak maak op ons, 'n ware Christen nie, want ons behoort aan God. Denominasies is mens-gemaak, en Christendom is Hemel-gestuurd. Maar in al hierdie dinge wat ons het, so goed soos hulle is, so goed as wat ons bymekaarkom, en met sulke lekker byeenkomste soos wat ons het, en sosiale ooreenkomste wat ons het, tog word ons elkeen gekonfronteer met *Ewige Lewe*. En maak nie saak hoe suksesvol ons in besigheid was, hoe suksesvol ons was, en watter groot kerklidmaat ons is, en hoe ons werk, hoe ons dinge reg probeer doen nie, steeds, as dit nie op die regte manier gedoen word nie, is dit 'n tevergeefse aanbidding van God.

111 Jesus het dit op dieselfde manier geklassifiseer, terwyl ek hier stop vir 'n oomblik. Hy het gesê: "Tevergeefs aanbid julle My, deur leringe te leer wat gebooie van mense is." Nou dink! 'n Opregte, eerlike aanbidding (met die opregtheid van jou hart) tot God, en steeds tevergeefs wees! Dit het so begin met Kain, by die tuin van Eden. Opregte aanbidding, maar is verwerp! Baie godsdienstig, steeds verwerp!

112 In Shreveport verlede week, voorverlede week, by die Sakemansbyeenkoms, 'n ontbyt daar waar 'n paar honderd mense bymekaar gekom het, het ek twee-en-'n-half uur geneem om te preek oor: *God 'n Diens Te Bewys Sonder Dat Dit God Se*

*Wil Is*. Nou, dit klink vreemd, maar ons moet onsself kanaliseer in God se voorsiende kanaal en God se manier van dit doen. Maak nie saak hoeveel ons voel dis reg nie, dit moet volgens die Woord van die Here wees of dis tevergeefs. Kain het aanbid, maar dit was nie volgens die Woord van die Here nie. Die Fariseërs het aanbid, maar nie volgens die Woord van die Here nie. En in hierdie spesifieke boodskap aan die Sakemanne, het ek hierdie onderrig.

113 Dawid, hy wou vir die Here 'n diens bewys, en hy was reg in wat hy gesê het. Hy het gesê: "Is dit reg vir die ark van die Here om daaronder te wees? Laat ons dit hiernatoe bring." In die dae van die koning, die ander koning wat hy opgevolg het. Hy het gesê: "Dis nie reg nie. Hulle het nooit die Here geraadpleeg deur die ark nie, maar ons moet dit doen." Nou, dis korrek, wat hulle moes doen. Hy het gesê: "Ons moet die ark gaan haal, en ons kan die Here raadpleeg." En dis reg, dit was onder in die ander land. Gesê: "Ons moet dit hiernatoe bring. Kry dit hierbo en sit dit in ons huis hier, en aanbid die Here."

114 Nou let op, hy het in die verkeerde kanaal beweeg om dit te doen. Hy het die owerstes oor vyftigs en honderde en duisende geraadpleeg. Hulle is almal geraadpleeg, elkeen. Gelyk asof dit die wil van die Here was, so gelyk, of dit die—die Woord van die Here was.

115 Die Woord van die Here, jy moet Dit partykeer in Sy regte plek plaas of dit is nie die Wil van die Here nie. Sien? Nou laat dit diep ingaan en julle sal 'n—'n goeie algemene begrip kry van wat ek probeer sê.

116 Ek wil nie hê die kerk moet in die voetspore volg van wat jy daar oorkant in Engeland gevind het nie: lang hare, en gegrimeerde mans, en verdraaidheid. Ons wil dit nie hê nie! Maak nie saak hoe godsdienstig dit klink, en hoeveel Elvis Presley godsdienstige liedere kan sing nie, hy's steeds 'n duiwel. En ek's geen regter nie, maar "Aan hulle vrugte sal jy hulle ken." Sien? Hy's 'n Pinkster, maar dit maak glad geen verskil nie. Sien, jou vrugte getuig van wat jy is.

117 Maak nie saak of die Gees oor hom kom nie, hy kan in tale praat, hy kan uitroep, hy kan die siekes genees, en Jesus het gesê: "Baie van hulle sal na My toe kom in daardie dag, en sê: 'Here, het ek nie *dit* en *dat* gedoen nie?' En Ek sal sê: 'Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk, Ek het julle nooit eens geken nie.'" Sien?

118 Ons moet ware, opregte Christene wees, en die enigste manier waarop ons dit kan doen, is om dit te konfronteer met hierdie vraag hier van "Ewige Lewe."

119 Daar is net een vorm van Ewige Lewe, en dit kom van God af. En Hy het elke skepsel vooruit geken wat Dit ooit sou hê. Net soos jy die geen in jou vader was, was jy 'n geen in God; een van

Sy eienskappe om mee te begin, of jy sal nooit Daar wees nie. Jy het voortgekom in die beddingsgrond van jou moeder; jou vader het jou nie geken nie, jy was in sy lendene. En toe jy voortgekom het in die beddingsgrond van die moeder, toe het jy 'n menslike wese geword en word gevorm in die gelykenis van jou vader, nou kan jy gemeenskap hê met hom. En dieselfde ding met God, as jy Ewige Lewe het.

120 Die lewe waarin jy gekom het, die natuurlike lewe, fisiese lewe, dit was deur jou vader. En die enigste manier wat jy wedergebore kan word, is die enigste manier, is dit moet van jou Hemelse Vader af wees, Sy eienskappe. "Almal wat die Vader My gegee het, sal na My toe kom." Sien?

121 Jy is hier omdat jou naam geplaas is op die Lam se Boek van die Lewe voordat daar selfs 'n grondlegging van die wêreld was. Dis presies reg. Jy's 'n geen, 'n geestelike geen uit jou Hemelse Vader, 'n deel van God se Woord. Dit so is, soos ek gesê het, dan was jy saam met Jesus toe Hy hier was, omdat Hy die Woord *was*: jy het saam met Hom gely, saam met Hom gesterf, begrawe saam met Hom, en saam met Hom opgestaan, en sit nou in Hemelse plekke *in* Hom!

122 Let op, Dawid het gedink alles was reg, en hy het al hierdie mense geraadpleeg, en hulle het almal begin dans en skree en uitroep. Hulle het al hulle godsdienstige bewegings gemaak wat daar was, maar steeds was dit nie God se wil om af te gaan en die Woord van God terug te bring na die huis van God nie. Maar, julle sien, God werk altyd (in alle eeue) deur een manier. Sy eerste besluit is Sy enigste besluit, want Hy is volmaak in Sy besluite. Hy doen nooit niks voordat Hy dit eers openbaar aan Sy diensknegte, die profete nie. Dis presies.

123 Dis waarom hierdie, die kerkeeu waarin ons woon. Daar's geen kerk, geen Metodis, Baptis, Pinksters, of enigiets anders, wat ooit hierdie Kerk in die Bruid kan sit nie. Dit sal die beantwoording van Maleági 4 moet wees, vir God om 'n profeet te stuur om aan te openbaar, want dit is die enigste manier. Ons kerke denomineer en gooi die ding in 'n gemors en 'n warboel in, net soos hulle altyd was, en God stuur altyd die profete.

124 En daar het Nátan in die land gestaan, 'n bevestigde profeet voor God, en hy is nie eens geraadpleeg nie.

125 En hulle het soontoe gegaan en die lewe van 'n eerlike man gekos, ensovoorts, en die ark geneem. In plaas van om dit op die skouers van die Leviete te plaas, om dit te dra, het hulle dit op 'n wa gesit om dit te dra. Algehele gemors!

126 Jy sien, as jy nie volgens die—die wil van God gaan nie, en die weg wat God vir ons gegee het om te volg nie, krap hulle Dit altyd deurmekaar en neem Dit weg in een of ander organisasie, denominasie, een of ander boodskap, en daar het jy dit. Sien? Dit was altyd so.

127 Dit is dieselfde ding waarmee hierdie seun gekonfronteer is. Hy het ingekom; hy was ’n—’n—’n lid van miskien die Fariseërs of Sadduseërs, of een of ander groot orde van daardie dag. Hy was so godsdienstig as wat hy kon wees. Hy het gesê: “Ek het hierdie gebooie onderhou wat vir my geleer is, van my jeug af.” Sien? En Jesus het hom liefgehad daarvoor. Maar hy het geweier om gelei te word, hy het geweier om die ware leierskap van Jesus Christus te aanvaar om hom Ewige Lewe te gee.

128 Let op, hy het geglo daar is iets anders as wat hy gehad het, of hy sou nooit gesê het nie: “Goeie Meester, wat moet ek nou doen nie?”

129 Sien, hy wou self iets doen. Dis hoe ons maak, ons wil self iets doen. Die Gawe van God is ’n gratis geskenk. God gee Dit vir jou, jy doen nie een ding Daarvoor nie. Hy het Dit bestem vir jou, en jy gaan Dit kry. Sien?

130 Let op, hy het geweet Dit was daar. Hy het Daarin geglo en wou Dit hê. Maar toe hy gekonfronteer is met hoe hy dit moes doen, het dit verskil van sy ritueel. Dit was anders. Hy kon sy geld hou en aan die kerk behoort waaraan hy behoort het, ensovoorts. Maar Jesus het dit geweet, en het geweet dat hy sy geld opgegaar het, en Hy het gesê: “Gaan verkoop alles wat jy het en gee dit aan die armes. En kom, neem jou kruis op en volg My, en jy sal skatte in die Hemel hê.” Maar hy kon dit nie doen nie.

131 Die ander leiers wat hy gehad het in sy jong dae, het so ’n invloed op hom gehad, totdat hy geweier het om God se voorsiende weg te aanvaar, wat Jesus Christus was; die enigste Een wat Ewige Lewe het, die enigste Een wat Dit vir jou kan gee. Nie die kerk kan jou Ewige Lewe gee nie; nie jou buurman nie; nie jou pastoor nie; nie jou priester nie; nie jou leerstelling nie; net Jesus Christus Self kan jou Ewige Lewe gee. Hy’s die . . .

132 Maak nie saak hoe goed jy is nie, wat jy ophou doen, wat jy begin doen nie, jy moet die *Persoon* van die Here Jesus Christus aanvaar. En dan wanneer jy dit doen, Hy is die Woord, en dan pas jou lewe reg in die Woord in en Dit manifesteer Ditself aan hierdie tydperk waarin jy lewe.

133 Noag moes dit doen vir die Woord om te manifesteer in sy tydperk. Nou, wat as Moses gekom het, gesê het: “Ons weet wat Noag gedoen het, ons sal Noag se woord neem. Ons sal dit doen net soos Noag dit gedoen het. Ons sal ’n—’n ark bou en met die Nylrivier afdryf, en uit Egipte uitgaan”? Wel, dit sou nie gewerk het nie. Sien, dit was ’n ander tydperk.

134 Jesus kon nie gekom het met Moses se boodskap nie; Luther kon nie kom met die Katolieke boodskap nie; Wesley kon nie kom met die Luther se boodskap nie; die Pinkster kon nie kom met die Wesleytydperk se boodskap nie. En die Bruid kan nie gevorm word in die Pinksterdenominasie nie, dit kan dit net nie doen nie. En dis presies reg. Sy het klaar georganiseer en hier uitgegaan,

en daar sit sy, net soos die res van hulle. Dis 'n doppie. Net soos die lewe opkom deur die . . . Sien?

135 Daardie skrywer soos ek nou die aand gepreek het, die skrywer wat hierdie boek geskryf het . . . En nie omdat hy my so erg gekritiseer het nie, gesê ek was "'n duiwel, as daar so–iets was." So hy het gesê hy glo nie in God nie. Hy het gesê: "'n God wat Sy arms kon vou en daar sit en daardie martelare aanskou, deur die vroeë eeue, en aanspraak maak om mag te hê om die Skelfsee oop te maak, en daardie vroue en kinders deur leeus ensovoorts verskeur laat word, en dan sê Hy was 'n liefdevolle God." Gesê: "Daar is nie so 'n skepsel nie." Sien, die kêrel sonder inspirasie van die Woord, kan Dit nie sien nie.

136 Die eerste koringkorrel, die Bruidegom, moes in die aarde inval om weer te kon opstaan. So moes die eerste Bruid wat by Pinkster gebore is, deur daardie Donkereeue gaan soos enige ander saad, begrawe word. Hulle moes sterf. Hulle moet dit doen. Maar dit het weer begin uitspruit in Luther, in die eerste hervorming. Dit het nie gelyk soos die saad wat ingegaan het nie, maar dit was die Lig van daardie dag. Die stingel het toe voortgegaan na die pluim, Wesley. En van die pluim af, het dit in Pinkster ingegaan, die doppie.

137 Wanneer jy in die koring inkyk, wanneer dit uitkom, die koringkorrel, 'n man wat met koring geboer het, jy gaan uit en kyk na daardie koring wat daarbinne vorm, dit lyk net presies soos die korrel. Maar as jy 'n haartangetjie neem en gaan sit en daardie koring neem en dit oopmaak, is daar glad nie 'n korrel daar nie. Dis net 'n doppie. En wat dan? Dit—dit word daar gevorm, om die korrel vas te hou. Sien? En dan, die eerste ding waarvan jy weet, het die lewe die—die—die stingel verlaat om in die pluim in te gaan; die pluim verlaat om in die doppie in te gaan; dit verlaat die doppie en gaan in die koring in. Drie stadiums, sien, daarvan. En dan vorm die Koring *buitekant* die drie stadiums (Luther, Wesley, Pinkster). Net presies. Sien, sonder twyfel. Jy kan nie die natuur onderbreek nie.

138 Nou kyk, elke drie jaar na 'n boodskap uitgegaan het, gestuur van God, organiseer hulle. Hierdie is al twintig jaar, en daar's geen organisasie nie. Dit sal nie. Sien? Nou moet die doppie wegtrek, die Koring 'n kans gee om voor die Son te lê, om ryp te word; die Boodskap wat weer reguit terugkom in die Kerk, wat die Liggaam van Jesus Christus vorm net soos die eerste Oorspronklike wat in die grond ingegaan het. Nou, om die—die Ewige Lewe te sien.

139 Die Lewe, die—die stingel hieragter het sekerlik die Lewe gedra. Sekerlik, het dit. Maar, julle sien, toe dit die stingel geword het en dit was gedaan, die organisasie, het die Lewe reguit aangegaan in Wesley in; reguit uitgekom, ingegaan. En eenmaal, elkeen van hulle . . . Een, 'n groot blaar, lyk nie soos die

korrel nie. Maar as die stuifmeeltjie gekom het, soos die . . . op die—die doppie . . . of op die stingel, die stuifmeel van die pluim, lyk dit baie soos die korrel. Maar wanneer dit afkom by daardie doppie, is dit amper daar.

140 Het Jesus nie gesê dat: "In die laaste dae," (Matthéüs 24:24) "die twee so naby sou wees, dat dit die einste gene, voorbestemdes, die Uitverkorenes, sou mislei, as dit moontlik was" nie? Amper soos die regte ding, sien. So, in die laaste dae. Nou, julle sien, dis nou koringtyd. Dit word oestyd. Hierdie is nie Luther se tydperk nie, hierdie is nie Pinkstertydperk nie, hierdie is die Bruidtydperk.

141 Soos Moses 'n volk uit 'n volk uitgeroep het, so roep Christus vandag 'n Kerk uit 'n kerk uit, julle sien; dieselfde ding in tipe, neem hulle na die glorieryke Ewige Beloofde Land.

142 Nou, om daardie Persoon te weier wat die roepwerk doen, Christus, maak nie saak of jy Pinkster, Metodis, Lutheraan, wat jy ook al is nie, jy moet . . . Hierdie tydperk! Niks teen hulle nie, glad nie, maar in hierdie tydperk *nou* moet jy (soos hulle het in daardie tydperk) die Persoon van Christus, wat die Woord is, aanvaar!

*In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God.*

*En die Woord het vlees geword, en onder ons gewoon, . . .*

*. . . dieselfde gister, . . . vandag, en vir altyd.*

Hebreërs 13:8. Sien, jy moet daardie Persoon van Ewige Lewe aanvaar!

143 Nou, die Lewe wat Luther gehad het, was regverdigmaking. Wesley het heiligmaking daarby gevoeg gehad. Die Pinkster het die herstel van die gawes gehad wat daarin teruggekom het, daarby gevoeg gehad. Maar nou voltooi dit in die liggaam, julle sien, die drie fases daarvan, en daaruit . . . Nou, wanneer die opstanding kom, sal die Lewe wat gelewe het in daardie Lutherane, wat uitgegaan het, die Lewe wat gelewe het in die Metodiste, en uitgegaan het, die Lewe wat in die Pinksters ingegaan het, sal almal weggeraap word uit die grond in die Liggaam van die Bruid, om ingeneem te word voor Jesus Christus. Glorie aan God! O, dis opwindend! Dis die Waarheid!

144 Ons het om 'n hoek gegaan! Ons kyk Hemelwaarts, hou dop vir die koms; die Deksteen van die Piramide, soos ons sou sê, Hy kom terug! Die Kerk moet binnekort opgewek word, en ons moet gereed wees.

145 En die enigste manier wat jy kan, is nie sê: "Wel, ek behoort aan die Gemeentes nie. Ek behoort aan die Eenheid, Tweeheid," of wat dit ook al is nie, almal van hulle daar: "Ek behoort aan die kerk van God" nie, dit beteken niks. "Ons vaders het uitgeroep

en gedans," dis net heeltemal in orde, dit was *hulle* dag. Maar *vandag* word jy gekonfronteer, nie met die organisasie wat hulle gemaak het nie, maar met die Lewe wat voortgaan, wat Jesus Christus is.

146 Hierdie jong kêrel het dieselfde ding gedoen. Moses het daardie gebooie geskryf. Maar, julle sien, dieselfde God wat die gebooie geskryf het, deur Sy profeet, was dieselfde ding wat geprofeteer het die dag sou kom: "Ek sal 'n Profeet soos Ek oprig. En dit sal gebeur dat almal wat nie na Hom luister nie, uitgeroei sal word"; terug in die denominasionele doppies en pluime. Hulle moet voortgaan na die Lewe. En vandag, moenie sê: "Ek's Pinkster nie. Ek behoort *hieraan*, ek behoort *daaraan* nie." Dit beteken niks. Jy moet die Persoon Christus, Ewige Lewe aanvaar. Konfronteer elkeen van ons! Moet dit nie vergeet nie.

147 Die ander leiers, julle sien, hulle het so 'n houvas op hom gehad. Hulle mense word geleer: "Wel, ons behoort *hieraan*, ons behoort *daaraan*," en het so 'n houvas op hom gehad. Maar wat 'n fatale ding, om die leierskap van Ewige Lewe te verwerp!

148 Nou, daardie Lewe is teenwoordig vanaand. Dis reg. Die Heilige Gees is hier, wat Christus in Geesvorm is; Sy Gees, die salwing is hier.

> *. . . 'n klein tydjie, en die wêreld sien My nie meer nie; tog julle sal My sien: . . .*

> . . . Want Ek *sal met julle wees*, selfs in julle, tot die voleinding, tot *die einde van die wêreld*.

149 Jesus alleen kan jou lei na daardie Ewige Lewe. Daar's geen kerk, geen denominasie, geen prediker, geen priester, nie niks anders wat jou Daarnatoe kan lei nie, jy moet deur Hom gelei word, die enigste Een wat jou kan lei.

150 Kan jy jou voorstel dat Hy jou uit Sy Woord uitlei, wat Hy is? En as Hy die Woord is, en jy's deel van Hom, sal jy nie deel van die Woord wees nie? Die Woord waarop God vandag die verlossingswater wil uitstort, om Hom vandag te identifiseer; soos die apostels Hom geïdentifiseer het, soos Luther, soos Wesley, soos die mense in daardie dae Hom geïdentifiseer het. Hierdie is 'n ander tydperk. Dis die Woord! Die Woord het gesê hierdie dinge wat ons nou sien plaasvind, is voorspel om plaas te vind in hierdie uur. So aanvaar Jesus Christus en laat Hy jou lei na die Ewige Lewe.

151 Alhoewel hy presteer het, hierdie jong kêrel . . . Hy het alle goeie dinge behaal. In die skool, baie goed. As 'n goeie seun, sonder twyfel, was hy goed. As 'n ware vader . . . In die luister na sy pa in besigheid, was hy 'n goeie—'n goeie seun. Goed vir sy ouers. Hy was getrou aan sy priester. Hy was getrou aan sy kerk. Hy was getrou teenoor die gebooie van God. Maar hy het die grootste ding verloor, en die res van hulle het nie veel vir hom

beteken, toe hy die leierskap van Ewige Lewe, Jesus Christus, van die hand gewys het nie.

152 Let op! Hierdie leierskap konfronteer elkeen van ons vandag, net soos dit daardie jongman het, ons. . .maak nie saak hoe godsdienstig ons is nie. Julle mag Katoliek wees, julle mag Baptis, Metodis wees, of julle mag Pinksters wees, of wat julle ook al is, hierdie selfde ding konfronteer julle vanaand: Ewige Lewe, dis, aanvaarding van Jesus Christus. Daar word vir ons hierdie geleentheid gegee.

153 Een of ander tyd in die lewe moet ons die ding konfronteer net soos hierdie jongman het, want jy is 'n sterfling en daar word vir jou gegee die—daar word vir jou die geleentheid van 'n keuse gegee. Jy het 'n keuse. God het dit so gemaak dat jy kan kies. As Hy Adam en Eva op 'n vrye morele agentskap geplaas het, sodat hulle kon kies, en toe het hulle die verkeerde keuse gemaak, en, sien, Hy kan nie meer vir jou doen as wat Hy vir hulle gedoen het nie. Hy moet jou op dieselfde ding plaas, sodat jy kan kies of verwerp.

Jy het 'n keuse. Kom ons kyk na sommige van hulle:

154 Jy het 'n keuse as 'n jong man, of jy 'n geleerdheid gaan kry of nie. Jy het daardie keuse. Jy kan wees "dit net nie hê nie," jy kan dit net weier.

155 Jy het 'n keuse in jou gedrag. Ek gaan net 'n klein bietjie seermaak hier. Sien? Jy kan uitgaan en jou hare laat lank groei en 'n Beatle of party van hierdie ignoramusse wees.

156 Of julle vroue, jy kan soos 'n—'n ordentlike mens lyk, of jy kan een van hierdie vreemde skepsels wees wat ons daarbuite het, daardie blou-gemaakte oë. En waterkop-haarsnitte en dinge, hulle is heeltemal teen die Woord van God, wat absoluut teenstrydig is; nie eers aanbied. . . 'n gebed aanbied wat aanvaar kan word nie. Dis die Waarheid. Dis presies reg. Dis wat die Bybel gesê het.

157 Maar wat het met julle gebeur, kerk? Julle het soveel televisie gekyk, soveel dinge van die wêreld, dis so maklik vir julle ou Adam-natuur om daar in te dryf, om soos die res van hulle te maak.

158 Mag ek dit weer herhaal! In die kosjer, in die offer van die—die—die soenoffer in die dae van Moses, toe Moses die kinders uitgebring het, moes daar sewe dae wees wat daar geen suurdeeg onder die mense mag gewees het nie. Enigiemand weet dit. In Eksodus: "Daar mag glad geen suurdeeg in julle kamp gevind word, vir sewe dae nie." Daardie *sewe dae* het die volle "sewe kerkeeue" verteenwoordig. Sien?

159 "Geen suurdeeg nie." Nou, wat is dit? Geen leerstelling, geen wêreld nie. Jesus het gesê: "As julle die wêreld liefhet of die dinge van die wêreld, is die liefde van God nie eens in julle nie." Sien?

En ons probeer dit vermeng; jy kan dit nie doen nie! Jy moet by *een* ding kom om te glo: jy gaan óf God glo, jy gaan jou kerk glo, jy gaan die wêreld glo, jy gaan . . . Jy kan dit nie saam vermeng nie. En jy kan nie aan daardie ou dinge vashou, wat die ander kerk voor jou gedoen het nie. Jy moet die Boodskap van die uur neem.

160 Hy het gesê: "Wat oorgebly het, moenie dat dit tot die môre oorbly (om in hierdie ander eeu in te kom) nie, verbrand dit met vuur; vernietig word." Dat die tydperk waarin jy woon, die Boodskap van hierdie tydperk, Dit moet uit die Skrifte uitgebring word en bevestig word en bewys word deur God dat dit God is wat dit doen. Dan aanvaar jy Dit of verwerp Dit. Dis Ewige Lewe, leierskap van die Heilige Gees, wat Sy Kerk lei.

161 Ons kan 'n lang tyd daarop bly, maar laat ons beweeg, net bly aanbeweeg.

162 Die keuse van jou gedrag. Jy kan . . . jy kan dit nou nie meng nie. Jy's óf vir God óf teen God, en jou uiterlike uitdrukkings wys presies wat aan die binnekant is. Sien? Die kankerroos . . . Baie van julle dink: "Ek het die doop van die Heilige Gees, ek gaan Hemel toe." Dit beteken nie een ding dat jy Hemel toe gaan nie. Nee, meneer. Jy kan die doop van die Heilige Gees elke uur van jou lewe hê, en steeds verlore wees en hel toe gaan. Die Bybel sê so. Uh-huh, dis presies reg.

163 Kyk hier, jy's 'n uiterlike persoon. Jy het vyf sintuie wat daardie uiterlike liggaam kontak. God het vir jou vyf sintuie gegee; nie om Hom mee te kontak nie, jou aardse tuiste: sien, proe, voel, ruik, en hoor.

164 Dan het jy 'n gees daar binne-in, en dit het vyf uitlate: gewete, en liefde, ensovoorts. Vyf uitlate waarmee jy die geeswêreld kontak, maar met jou gees.

165 Jou fisiese kontak die fisiese. Jou geestelike kontak die geestelike. Maar binne-in dit het jy 'n siel, en daardie siel is daardie geen wat van God af gekom het.

166 En soos 'n babatjie in sy moeder se skoot gevorm het. Wanneer die babatjie in die—na die moeder se skoot kom deur die klein kiemetjie, kruip dit in die eier in. Dit vorm nie een sel 'n mens, die volgende 'n hond, en die volgende 'n kat, en die volgende 'n perd nie. Dis alles menslike selle, omdat dit bou vanaf 'n oorspronklike menslike sel.

167 En wanneer 'n mens wedergebore word deur die Woord van God, voorbestem tot Ewige Lewe, genoem "Die Uitverkorene," sal dit Woord van God op Woord wees, Woord op Woord! Nie 'n denominasionele leerstelling en dan 'n Woord, en 'n leerstelling nie; en dit sal nie werk nie. Jy kan nie daardie suurdeeg Daarin hê nie! Net een Ewige Lewe, Jesus Christus, die Woord:

> *In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God.*

*En die Woord het vlees geword, en onder ons gewoon,. . .*

168 Vriende, julle voed my kinders. Julle stuur my oor die sendingvelde oor die wêreld, om die Boodskap te bring. Ek moet opreg wees met julle. Waarna ek kyk, kan julle miskien nie sien nie. Dis waarvoor ek hier is om julle te probeer vertel. Dis nie omdat ek nie lief is vir mense nie, dis omdat ek wel lief is vir mense. Korrektief. Wanneer ek die kerk sien gly, afgaan, sê: "Wel, ons het *dit* gedoen en ons het *dat* gedoen," en kyk rond oor die kerk en sien die . . . Dit sal net nie werk nie.

169 Dan hier in die Bybel kyk en sien dit moet so wees aan die einde, daardie louwarm Loadicése Kerkeeu, wat Jesus uitsit (die Woord). Hy het nooit geroep . . . Hy gaan geen kerk roep nie. Hy het gesê: "Almal wat Ek liefhet, bestraf Ek. Ek tugtig hulle." Neem die Woord, en hamer Daarop, en sê: "Julle is verkeerd daarin!" Dis waarom ek julle liefhet. "As julle die deur sal oopmaak en My laat inkom, sal Ek inkom en maaltyd hou met julle." Nie 'n kerk nie, Hy's klaar daar uitgesit.

170 Sy's oppad na die Ekumeniese Raad. Dis waarnatoe sy gegaan het, reguit terug in Rome in, waaruit sy gekom het. En dis presies. Ek het dit geskryf gehad op die papier van vyf-en-twintig jaar gelede, of drie-en-dertig jaar gelede, en daar is dit. Nie net dit nie, dis in die Bybel geskryf, volgens 'n visioen. Sy het teruggegaan. Daar's geen manier om dit te red nie, dis verby! Dit gaan so wees.

171 God roep *individue*. "Ek staan by die deur en klop. As iemand, enige persoon . . . " Een individu uit 'n duisend, dit mag een uit 'n miljoen wees.

172 Soos ek 'n paar aande gelede gesê het. Toe Israel opgekom het uit Egipte, het daar net twee miljoen mense gekom, en net twee miljoen; net een . . . net twee mense het ingegaan. Een uit 'n miljoen. Het julle dit geweet? Kaleb en Josua.

173 En Jesus, toe Hy op aarde was, het hulle gesê: "Ons vaders het manna in die woestyn geëet. Ons onderhou die tradisies. En ons doen *dit*. Ons weet waar ons staan!"

174 Hy het gesê: "Ek weet julle vaders het manna geëet in die woestyn, en hulle is elkeen Ewiglik geskei. Hulle is dood!"

175 Wanneer die sperm kom van die manlike of vroulike, kom daar 'n miljoen eiers, daar's 'n miljoen kieme wat kom. En uit al daardie miljoene klein kiemetjies, van die soort . . . As dit—as dit van die manlike koei is, of die man, of wat dit ook al is, daar's net miljoene kieme, 'n miljoen kieme wat werk. Daarbinne is net een van daardie kieme wat bestem is tot die lewe, want daar's een vrugbare eier daar, om dit te ontmoet. Dis reg. Dit sal slegs een eier ontmoet. Net soos hierdie liggaam hier wat hier sit, en die kiem kom van God af. Sien? En kyk hoe kom daardie kiemetjie op tussen al hierdie ander kieme, en wikkel om hulle, reguit verby

hulle, gaan hier na oorkant en vind daardie vrugbare eier en—en kruip reg daarin; en die res van hulle sterf.

176 Wat as dit so was met die kerk vandag, een uit 'n miljoen? Sien waar dit sou wees? "Nou is die poort en smal is die Pad, en daar is min wat Dit sal vind; want wyd is die pad wat na die verderf lei, en daar is baie wat daardeur sal ingaan."

"Is dit die waarheid, Broer Branham?" Ek weet nie, maar ek haal net Skrif aan. Sien?

177 Nou, jy is bestem tot die Lewe. Jy sien Dit as jy bestem is om Dit te sien. As jy nie bestem is om Dit te sien nie, sal jy Dit nie sien nie. Gesê: "Hulle het oë, maar hulle kan nie sien nie, ore en kan nie hoor nie." Hoe dankbaar moet julle wees, kerk! Hoe julle julleself behoort reg te ruk weg van hierdie dinge af! Hoe julle aan die brand behoort te wees vir God! Dat julle oë aanskou wat julle sien, julle ore die dinge hoor wat julle sien. Leierskap! Waarom het julle vanaand hiernatoe gekom om na 'n Boodskap soos Hierdie te luister? Ek's oor die wêreld gebrandmerk, deur die kerke, as 'n "fanatikus." Waarom het julle gekom? Die Heilige Gees het jou hiernatoe gelei (sien? sien?) om te luister. Besny! Sny die dinge van die wêreld af, aanvaar die leierskap van Jesus Christus, of julle sal vergaan so seker as die wêreld.

178 Jy het 'n keuse van gedrag. Hoe jy jouself gedra, dit hang van jou af.

179 Jy het 'n keuse van 'n vrou. Jy gaan uit en neem jou vrou. Jy 'n vrou wil neem, wil jy een neem wat komplimenterend is vir jou. . . vir wat jy wil hê jou. . . jou toekomstige huis beplan om te wees. Kan jy jou 'n man voorstel, 'n Christenman, wat uitgaan en een van hierdie moderne Rickettas as vrou neem? Huh? Kan jy jou voorstel? Waaraan dink die man? Watter soort huis gaan hy hê as hy 'n ontkleedanseres, uitlokker hierbuite van die straat af, 'n straatprostituut neem? "O," jy sê: "nou, wag 'n bietjie." Hoe trek sy haarself aan? Sien? Sien? Dra kortbroek en dinge, sy's 'n straatprostituut. "O," jy sê: "nou, Broer Branham!" O, daardie ou nou rompies, lyk asof jy daar ingegiet is, straatprostituut.

180 Jesus het gesê: "Wie ook al na 'n vrou kyk om haar te begeer, het owerspel met haar gepleeg in sy hart." Dan moet hy antwoord daarvoor. En wat het sy gedoen? Sy het haarself voorgestel. Wie is skuldig? Dink daaraan.

181 Jy sê: "Hulle maak nie enige ander klere nie." Hulle het materiaal en naaimasjiene. Geen verskoning nie. Huh-uh. Dis presies.

182 Nou, ek wil julle nie seermaak nie. En hierdie is nie 'n grap nie, dit is SO SPREEK DIE HERE uit die Skrifte. Dis presies waar, vriend. Ek's 'n ou man, ek het nie baie langer om te bly nie, maar ek moet julle die Waarheid vertel. As hierdie my laaste boodskap is, dis die Waarheid. Sien? Moenie, suster. Moenie, broer.

183 En julle kêrels wat vashou aan 'n—'n leerstelling, en weet dat die Woord van God reg voor julle bevestig word. Die doop van die Heilige Gees en hierdie werklikhede wat ons vandag het, en dan, as gevolg van julle leerstelling, Daarvan wegdraai? Hoe kan jy 'n seun van God wees en die Woord van God ontken, wat voorspel is vir hierdie laaste dae waarin ons woon? Hoe kan jy dit doen? Hoe kan die Bybel noem hierdie . . .

184 Soos ek gisteraand gesê het van 'n—'n koning eenkeer, onder in die Suide, toe hulle die gekleurdes daaronder gehad het, verkoop is as slawe. Wel, hulle was niks meer as net 'n—'n gebruikte motormark nie, jy kry 'n koopbrief vir hulle. En ek was ontsteld, by 'n plekkie . . . ek het eendag gelees waar 'n—'n makelaar gekom het om 'n paar te koop, en hy het gesê: "Wel, nou, ek wil graag . . . " Hulle was treurig, hulle moes hulle slaan, hulle te laat werk, want hulle is weg van die huis af. Hulle is verkoop, slawe. En hulle, wat in 'n vreemde land is, waarvan hulle niks geweet het nie, en hulle sal nooit weer huis toe gaan nie, en hulle was treurig. Jy moes hulle slaan, om hulle te laat werk. Maar hierdie makelaar het by 'n sekere plantasie gekom.

185 Een jong kêrel daar met sy bors uitgestoot, sy ken op, jy hoef hom nie te geslaan het nie. Hy was regop, en hy het die res van hulle se moraal hoog gehou.

Die makelaar het gesê: "Ek wil hom koop."

186 Hy het gesê: "Hy's nie te koop nie. Gaan nie. Jy gaan hom nie koop nie, want hy's nie te koop nie."

187 Hy het gesê: "Wel, wat maak hom soveel anders?" Gesê: "Is hy die baas oor die res van hulle?"

Gesê: "Nee."

Gesê: "Voer jy hom anders?"

188 Gesê: "Nee. Hy's 'n slaaf, hy eet daarbuite in die menasie saam met die res van hulle."

Gesê: "Wat maak hom soveel anders?"

189 Hy het gesê: "Ek het self gewonder, totdat ek uitgevind het. Oorkant in Afrika (waar hulle vandaan kom, waar die Boere hulle gebring het, en hulle hiernatoe gebring het en hulle verkoop het as slawe), daar oorkant is sy vader 'n koning van die stam. En tog, 'n vreemdeling, weg van die huis, hy weet hy's 'n seun van 'n koning. So hy gedra homself so."

190 Wat 'n teregwysing vir Christendom! Ons is veronderstel om God en Ewige Lewe te verteenwoordig. Daar's net een vorm van Ewige Lewe, en dis God. Hy alleen het Ewige Lewe. En ons is produkte van Hom, want ons is gene van Sy Gees. Dan moet ons onsself gedra, vroue en mans, soos die Bybel vir ons sê om te maak. Nie Isébels van die straat nie, en Rickies van die organisasie nie; maar Christen here, seuns en dogters van God,

gebore uit die Gees van God, wat die Lig manifesteer in ons dag en Dit versprei. Dis presies reg.

191 Hoe ver het ons Daarvan weggedryf! Waarom? Dieselfde ding wat hierdie seun hier gedoen het. Hy het verwerp, Ewige Lewe geweier, omdat Dit hom sy sosiale posisie sou kos, Dit sou hom sy—sy—sy gerief van geld kos, Dit sou hom sy gemeenskap van die kerk kos. Dit sou hom baie dinge kos. Hy het geweet wat Dit hom sou kos, hy was ’n verstandige seun, en hy het gevoel hy kon nie die prys betaal nie. Tog het hy gedink: “Ek sal net my godsdiens vertrou en voortgaan.” Maar onder in sy hart het hy geweet daar was iets omtrent Jesus Christus, wat anders was as daardie priesters van daardie dag.

192 En enige Boodskap wat ingekom het, ’n egte, gebore Boodskap van God, is anders as die ou trant. Toe ’n Goddelike genesing uitgegaan het, nie lank gelede nie, het julle opgelet hoe die nabootsers dit opgevolg het? Sien? En elkeen van hulle is reg in daardie organisasies, bly daar. Weet enigiemand dat daar ’n Boodskap moes wees wat daarop moes volg? Wel, God vermaak ons nie! Hy trek ons aandag met iets, en wanneer Hy ons aandag trek, dan het Hy Sy Boodskap.

193 Kyk toe Hy eers op die aarde gekom het, en Sy bediening begin het: “O jong Rabbi, ons wil U hier in ons kerk hê. Ons . . . Kom hiernatoe.” Die jong Profeet. “O, ons wil U hier oorkant hê. Kom hier.”

194 Maar eendag het Hy opgestaan en gesê: “Ek en My Vader is Een.”

195 “O, goeiste! Hy maak Homself God.”

196 “As julle nie die Vlees van die Seun van die mens eet en Sy Bloed drink nie, het julle geen lewe in julle nie.”

197 “Hy’s ’n vampier! Ons sal niks daarmee te doen hê nie.”

198 Daardie apostels het net daar gesit; duisende het Hom verlaat, maar daardie apostels was bestem tot die Lewe. Hy het so gesê. Hulle kon Dit nie verduidelik nie; hulle het Dit geglo. Hulle het reg Daarby gebly omdat, gesê: “Geen mens kan hierdie werke doen nie.”

199 Selfs die priesters het dit geweet. Nikodémus het gesê: “Ons weet” (die Sanhédrinraad) “dat geen mens hierdie werke kan doen as dit nie van God is nie.” Sien?

200 Petrus op die Pinksterdag, het gesê: “Jesus van Násaret, ’n Man deur God vir julle aangewys. God was met Hom.”

201 Kyk in die Skrifte, wat die Skrifte gesê het sou doen. Jesus het gesê: “Ondersoek die Skrifte, omdat julle meen dat julle Daarin die Ewige Lewe het. Dit is dié wat van My getuig. As julle Moses geken het, sou julle My geken het, want Moses het geskryf dat Ek sou kom, in die vorm waarin Ek sou kom.” Hy het gekom as die Seun van die mens.

202 Hy kom in drie name, as God. Drie (soos Vader, Seun, en Heilige Gees), dieselfde God, dis drie eienskappe.

203 Nou dan, ook, regverdigmaking, heiligmaking. . .; Luther, Martin, en—en die—en die Pinkster; dieselfde ding: drie eienskappe, drie posisies, drie kerkeeue.

204 Dieselfde ding: water, bloed, en gees. O, net soos jy aangaan, die drie elemente wat jou terugneem in die liggaam. Soos dit jou bring vanaf jou natuurlike geboorte, tipeer jou geestelike geboorte. Die baba gebore word, die eerste ding is water, volgende bloed, en dan lewe. Dis hoe jy in die Koninkryk van God inkom, op dieselfde manier. Sien? Dis hoe die Kerk inkom, op dieselfde manier. Dieselfde ding. Nou let op, op hierdie drie dinge, het God gevorm Sy. . . Sy liggaam gevorm.

205 Nou vind ons dat hierin, dat jy ’n reg het tot jou keuse. Jy kies die meisie waarmee jy gaan trou; sy aanvaar jou, goed.

206 Dan ’n ander ding, jy het ’n keuse of jy wil lewe óf of jy nie wil lewe nie. Jy kies nou tussen Lewe en dood. Jy kan lewe.

207 Daardie seun het daardie keuse gehad. Hy was sukses in al die res, ’n godsdienstige man, maar hy het geweet dat toe daardie. . .Hy het self daarvan gepraat: “Ek het al hierdie gebooie onderhou van my jeug af,” maar hy het geweet hy het nie Ewige Lewe gehad nie. Sien? En hy het ’n keuse gehad om Dit te aanvaar of om Dit te weier, en hy het Dit van die hand gewys. Dit was die mees fatale fout wat hy ooit kon maak. Die res daarvan sou nie saak maak nie. Dit doen nie, Dit maak nie saak, as jy nie Daardie keuse maak nie.

208 Nou laat ons hom volg in sy keuse, en kyk waarnatoe dit hom gelei het. Nou, kyk waar hy gekies het. Nou, kyk, hy was—hy was ’n ryk man, hy was ’n sakeman, hy was ’n heerser, en hy was ’n godsdienstige man. Dit alles!

209 Vandag sou ons sê: “Man, hy’s ’n egte Metodis, of Baptis, of ’n Pinkster. Hy’s—hy’s ’n opregte kêrel, baie goeie seun. Goed!” Niks wat jy van hom kon sê nie; vriendelik, gaaf, sosiaal, en alles. Niks onsedeliks omtrent hom nie. Hy het waarskynlik nie gerook, gedrink, of na vertonings en danse toe gegaan, of wat ons dit vandag ook al sou noem nie, soos ons ’n Christen sou klassifiseer. Maar dit is nog nie Ewige Lewe nie! Dis nie waarvan ons praat nie. Hy mag getrou aan sy kerk gewees het, in wat hy waarskynlik was. Maar, julle sien, en waarnatoe het dit hom gelei? Groot gewildheid. Laat ons sê, as hy ’n prediker was, hy kon wees. . . ’n beter kerk gehad het. Hy kon die staatspresbiter of ’n biskop gewees het. Sien? Dit lei jou na gewildheid, en dit het hom gelei na rykdom en na roem.

210 Dit mag dieselfde ding doen vandag, jy het ’n groot talent om te sing. Ek het gedink aan daardie jong man ’n rukkie gelede wat daardie lied hier gesing het; hoe hy dit vir die duiwel gegee het en nou kry hy dit terug. . .En wat ’n verskil tussen hom en

Elvis Presley en party van hierdie. Pat Boone, en 'n groep soos daardie, Ernie Ford, daardie kêrels, groot sangers; en neem hulle talente, hulle God–gegewe talente, en gebruik dit om die—die werke van die duiwel te inspireer. Dis reg. 'n Groot sanger wat hulle God–gegewe talente verkoop vir roem van hierdie wêreld, om iemand te word. Hoe kan jy enigsins meer "iemand" word, om iemand te wees, as om 'n seun van God te wees?

211 Ek gee nie om of jy die hele stad besit, die hele wêreld, en jy het nie die leierskap van Ewige Lewe deur die Heilige Gees (Christus) aanvaar nie, hoe gaan jy . . . Wie is jy, in elk geval? Jy's 'n dooie sterfling, dood in sonde en oortredinge! Godsdienstig soos jy wil wees; so getrou soos jy wil wees teenoor die kerk; prediker, as jy in die preekstoel wil wees; maar om van die hand te wys, sterf jy!

212 Hy was 'n groot sukses. Hy was 'n groot sukses hier in hierdie lewe. Sekerlik. Ons vind hom waar ons oplet . . . Toe het ons hierdie kêrel gevind waar hy gegaan het . . . Ons volg hom 'n bietjie, en ons sien hy het 'n groot suksesvolle geword. En ons volg hom deur die Bybel. Ons let op dat hy—hy . . . Ons bevind hom 'n ryk man. Hy het sulke yslike groot plekke, hy het die regter en die burgemeester van die stad onthaal, of wat nog. Hy's bo-op sy dak, en hy hou groot feeste; en baie kelnerinne, en vroue, meisies, en al die res, om hom. En daar's 'n bedelaar wat by die hek lê, genaamd Lásarus. Hy vee die krummels af na hom toe. Ons ken die storie. Die volgende ding, hy gaan suksesvol voort, net soos die kerke vandag maak.

213 'n Sakeman wat hier sit, wat vir my sê: "Net hier in Kalifornië, dat die kerk vir die arbeidsunie moet sê wat om te maak." Sien, dit word weer kerk en staat. Dis reg op julle. Julle sien, julle is reg daarin, en julle neem die merk van die dier, onwetend.

214 As julle ooit een van my bande gekoop het, kry hierdie, wanneer ek by die huis kom—kom, *Die Spoor Van Die Slang*; en julle sal sien waar dit is, sien waar hierdie opeindig. Gaan nou huistoe om te preek, as die Here wil. Dis omtrent vier ure, so ek kan dit nie hou by een van die dienste soos hierdie nie. Ek moet daarnatoe gaan waar die kerk lank met my sal uithou, geduldig. Let op. Maar nou kan julle na die band luister een of ander tyd in julle huis.

215 Let op hierna, nou vind ons uit dat hy 'n groot sukses was. Dan vind ons hom later tot waar hy 'n groter sukses was, totdat hy gesê het: "Ek het soveel!" Man, hy sou 'n regte, opregte man van hierdie dag gewees het. Sou hy nie? "Selfs my skure het uitgeswel, hulle bars. En ek het soveel totdat ek gesê het: 'O, siel, gaan rus.'"

216 Maar, wat hy aan die begin gedoen het, hy het die leierskap van Jesus Christus verwerp. Sy kerk, sy intelligensie, sy

geleerdheid, en alles, het hom na 'n sukses gelei. Al die Jode het hom liefgehad. Hy het vir hulle gegee, hy het hulle gehelp, hy mag *dit*, *dat*, of die *ander* gedoen het. Maar, julle sien, hy het die—die—die leierskap van Jesus Christus verwerp, die Ewige Lewe. En dit. . . Die Bybel het gesê, Hy het gesê: "Jou dwaas, vannag word jou siel vereis."

217 En nou vind ons hom (die volgende plek) in die hel; wat sy oë oplig en daardie bedelaar sien, wat hy op die straat uitgesit het, in die boesems van Abraham. Wat 'n fatale fout! Hoedat die kerke reg was—was—was—was—was op die manier wat hulle voortgegaan het, maar hulle steeds nie Ewige Lewe gehad het nie.

218 Herinner my aan 'n preek wat ek gepreek het hier nie lank gelede nie, *'N Filter Vir 'N Man Wat Dink*. Julle mag dit gekry het. Ek het gegaan, gestap deur die woude, ek het eekhorinkies gejag (hierdie herfs) en ek het afgekyk. En, natuurlik, ek kan nie die sigaretmaatskappy noem nie. Julle weet dit. En daar het 'n—'n sigaretpakkie daar gelê. En ek het net daar verbygeloop, gesoek na . . . in die woude. En ek het die pakkie daar sien lê, en ek het weer teruggekyk, dit het gesê: "'n Filter vir 'n man wat dink, 'n man wat rook se smaak." Ek het net begin aanstap deur die woude.

219 En die Heilige Gees het gesê: "Draai om en tel dit op."

220 Ek het afgebuk en dit opgetel: "'n Filter vir 'n man wat dink, 'n man wat rook se smaak." Ek het gedink: "Amerikaanse firma hier, wat dood verkoop onder 'n dekmantel, aan hulle eie Amerikaanse burgers." 'n Filter vir 'n man wat dink? Jy . . . En 'n man wat rook se smaak?

221 Ek was by die Wêreldskou, met Yul Bryan . . . Brynner, en hulle daarbo, toe hy al daardie toets gedoen het. En hoedat hy een sigaret geplaas het en getrek het die . . . oor die marmer en die geneem het . . . Die nikotien opgevee het en dit op 'n rot se rug geplaas het, 'n witrot, en binne sewe dae was hy so vol kanker, hy kon nie loop nie. En hulle het gesê: "Julle weet, hulle sê 'n 'filter,'" gesê: "dis 'n truuk, verkoop meer sigarette."

222 Dit neem soveel nikotien om daardie duiwel te bevredig. Dis reg. En wanneer jy 'n gefilterde sigaret neem, neem dit omtrent vier sigarette om die plek van een te vat. Dis 'n truuk om meer sigarette aan jou te verkoop. Jy kan nie rook hê sonder teer nie; en teer, het jy kanker. Sien hoe dit is? En die blinde Amerikaners, wat kyk dat 'n haas iewers uit 'n hoed kom, hulle val daarvoor. Jy kan dit nie hê nie, dis dood. Ek gee nie om na watter kant toe jy gaan nie, dis dood na enige kant toe wat jy gaan. "'n Filter vir 'n man wat dink," 'n man wat dink, sal glad nie rook nie, dis reg, nie as hy enige denke het nie.

223 Wel, ek het net gedink dit kan ooreenstem met die kerke. Sien? Ek dink, het God 'n filter? Ja.

224 En elke kerk het ’n filter. Dis reg. Hulle filtreer diegene wat inkom, en hulle laat ook ’n klomp dood in.

225 Hoe kan jy ooit ’n denominasie deur God se Filter trek? Hoe kan jy dit doen? Hoe kan jy ’n korthaar-vrou deur daardie Filter trek? Sê my. Hoe kan jy ooit ’n vrou wat broek dra Daardeur trek, wanneer: “Dit ’n gruwel is vir haar om mansklere aan te trek”? Sien, God se Filter sal haar uitvang daar, Dit sal haar nie laat inkom nie. (Maar die kerk het hulle eie filters.) So ek sê daar is ’n Filter vir ’n man wat dink, dis God se Woord, en Dit is volgens ’n heilige man se smaak. Dis reg, ’n heilige man; nie ’n kerkman nie, maar ’n heilige man se smaak. Want Dis suiwer, heiligheid, onvervalste Woord van God! Daar is ’n Filter vir ’n man wat dink. En kerklidmaat, ek beveel jou aan om Daardie een te gebruik.

226 Want dit bring die wêreld in, en een deel daarvan is die dood. Een deeg maak suur, die een suurdegie maak die hele deeg suur. “Wie ook al een Woord Hieruit sal wegneem, of een woord Daarby sal voeg, sy deel sal uit die Boek van die Lewe geneem word.”

227 By die tuin van Eden, wat het dood veroorsaak, en al hierdie droefheid, elke hartseer, elke sterwende babatjie, elke roggel in die keel, elke ambulans wat loei, elke hospitaal, elke begraafplaas? Was omdat Eva *een* Woord (nie alles Daarvan nie) betwyfel het, het Dit dit net verdraai. Nou, God het gesê: “Die mens,” daar: “hy moes *elke* Woord van God onderhou.” Nou, dis die eerste van die Bybel.

228 In die middel van die Bybel, het Jesus gekom, en Hy het gesê: “Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van *elke* Woord wat uit die mond van God uitgaan.” Nie net deel van Hulle nie, elkeen.

229 In die laaste van die Bybel, Openbaring 22, het Jesus die getuienis van Homself gegee. Die Openbaring van die—van die Bybel is Jesus Christus. En Hy het gesê: “Wie ook al *een* Woord hieruit sal wegneem, of *een* woord Daarby sal voeg, sy deel sal uit die Boek van die Lewe geneem word.”

230 Nou, jy deur *daardie* Filter vir ’n man wat dink gaan, sal jy ’n heilige man se smaak hê wanneer jy Daar uitkom. Reg. Jy sal ’n geheiligde smaak hê.

231 Suster, jy wat daardie klere dra, dink daaraan. Jy gaan. . . Jy sê: “Ek’s kuis vir my man.” “Ek’s kuis vir my kêrel.” “Ek’s ’n kuis meisie.” Maar wat van daardie sondaar wat na jou gekyk het? Wanneer hy antwoord vir owerspel, wie het dit gedoen? Sien, jy sal skuldig wees. Sien, dis in die Woord geskryf, so dis die. . . Sien? O, wees ’n vrou wat dink. Wees wat dink. . .

232 Jy mag sê: “Dit mag. . . ” Wel, wat as dit wel so is? Hy het so gesê, en nie een Woord kan vergaan nie. Sien?

233 Die groot man het vir my gesê, nie lank gelede nie, my in sy kamer ingeroep, gesê: "Ek gaan hande op jou lê, Broer Branham. Jy ruïneer jou bediening, deur hierdie dinge te preek."

234 Ek het gesê: "Enige bediening wat die Woord van God sal ruïneer, moet geruïneer word." Sien?

235 Hy het gesê: "Ek sal hande op jou lê." Gesê: "Jy is gestuur om vir die siekes te bid."

236 Ek het gesê: "Glo jy daardie dinge, broer?"

Hy het gesê: "Nee. Maar dis nie ons besigheid nie."

Ek het gesê: "Wie se besigheid is dit, dan?" Sien?

"Wel," het hy gesê: "dis die pastoor se besigheid."

237 Ek het gesê: "Kyk na die gemeente." Uh-huh. Dis reg. Sien?

238 Elke jaar kom ek verby en preek hierdie dinge, en ek dink: "Sekerlik snap hulle Dit," volgende jaar kom ek terug, daar's meer as ooit. Sien? Dis reg. Dit wys dat "Baie geroep word, maar min uitverkies is."

239 Die leierskap is die Heilige Gees, vriend. Dit lei jou en begelei jou in die hele Waarheid, wanneer Hy, die Heilige Gees, gekom het. Nou dink daaraan. Neem die Filter vir 'n man wat dink, dis die Bybel. Nie jou leerstelling nie, nie jou kerk nie; jy sal verlore gaan. Neem die Filter vir die man wat dink.

240 Dis waar daardie seun nie gedink het nie. Hy het die kerkfilter geneem. Hy het gewild geraak, 'n groot man: "Maar hy het sy oë in die hel oopgemaak, in die pyniging."

241 Neem jy nou die Filter vir 'n man wat dink, Jesus Christus, die Woord, en jy sal 'n heilige persoon se smaak begeer, want Dit sal dit bevredig. As jy die Heilige Gees in jou het, bevredig Hierdie dit.

242 As die Heilige Gees nie daar is nie, sê jy: "O, wel, ek dink nie dit beteken enigiets anders nie." Kyk wat het jy net daar gedoen! Dieselfde ding wat Eva gedoen het. Jy's reguit terug op dieselfde plek.

243 Nou laat ons 'n bietjie verder gaan. Nou laat ons neem... daardie man daar verlaat wat nie die Filter vir 'n man wat dink gebruik het nie. Hy het geweier om die leierskap van Jesus Christus te aanvaar, na Ewige Lewe.

244 Nou laat ons nog 'n ryk, jong sakeman neem, 'n heerser met dieselfde geleentheid wat hierdie man gehad het. En aanvaar Dit, hy het die leierskap van Christus aanvaar. Nou, daar's twee van hulle in die Bybel, waaroor ons gaan praat. Daardie een het ons gesien wat Dit geweier het, kom ons vat nou hierdie man: nog 'n ryk, jong sakeman, en 'n heerser. En hy het die Leierskap aanvaar.

245 Die Skrifte vertel ons van hierdie kêrel, as jy dit wil afmerk, in Hebreërs 11:23 tot 29.

> . . .*het Moses,* deur geloof, *geweier om die seun van Farao se dogter genoem te word,*
>
> *Omdat hy verkies het om liewer* sleg behandel te word vir God. . .
>
> *En die smaad van Christus groter* skatte *geag het as* al *die skatte* van *Egipte,* . . .

246 Sien, hy het Ewige Lewe aanvaar. Moses het die—die—die smaad van Christus groter skatte geag as al die skatte wat die wêreld gehad het. Moses het Dit die grootste geag. Nou, hierdie ryk man het nie.

247 En Moses was 'n ryk, jong heerser, om 'n Farao te word. Hy was Farao se seun, en was erfgenaam van die troon. En hy het uitgekyk na die onmoontlike, 'n klomp moddertrappers, 'n klomp slawe. Maar deur geloof het hy die belofte van God gesien, deur die Woord: "Dat sy volk in 'n vreemde land sou vertoef vir vierhonderd jaar, maar uitgebring sou word met 'n magtige hand." En hy het Dit (halleluja) groter rykdomme geag as al die skatte van Egipte, want hy het Egipte verlaat, sonder om te weet waarnatoe hy gaan. Hy is gelei deur Christus. Hy het verlaat!

248 En hy het sy voet op die troon gehad, en hy kon—kon die volgende Farao in Egipte gewees het. Maar hy het die smaad van Christus geag. Die smaad! Om daardie "snaakse een" genoem te word, daardie "fanatikus" genoem te word, om sy plek in te neem saam met die moddertrappers en die fanatici; omdat hy gesien het dat die uur, waarop die Skrif belowe is, om vervul te word, toe daar was.

249 En O kerk, word wakker! Kan julle nie dieselfde ding sien vanaand nie? Die uur wat beloof is, is op ons. Ag die smaad van Jesus Christus groter rykdom as al die gemeenskap van enigiets; al neem dit vader en moeder, kerk, enigiets anders. Volg die leierskap van die Gees!

250 Laat ons hierdie Christus volg vir 'n paar, hierdie Moses, vir 'n rukkie, wat dit gedoen het; kom ons hou sy lewe dop. Die eerste ding, toe hy aanvaar het om die smaad van Christus te neem en sy geleerdheid te versaak, al sy wysheid te versaak. . .Hy is in al die wysheid van die Egiptenare onderrig. En al sy gewildheid, sy troon, sy septer, sy koningskap, sy kroon, alles wat hy gehad het, hy het dit verwerp!

251 En hierdie ander kêrel wou dit hê, en het Christus geweier; en hierdie man het dit geweier, en Christus aanvaar. En wat het spoedig gebeur? Hy moes homself afsonder.

252 Halleluja! Die woord beteken: "Prys ons God!" Dis baie jammer dat ons dit begin vergeet.

253 Hy het die trone en die gewildheid verwerp. Hy kon jong meisies gehad het by die. . .vroue by die honderde, en hy kon septers gehad het onder die. . . Wel, Egipte, die wêreld regeer het.

Die wêreld het reg aan sy voete gelê, en hy was erfgenaam van elke deeltjie daarvan. Maar deur in die Skrif te kyk en die dag te sien waarin hy gelewe het, en daardie Iets in hom geweet het, het daardie voorbestemde Saad van God begin werk!

254 Ek gee nie om hoe gewild jy kan wees, of hoe jy 'n *dit* kan wees, jy 'n presbiter kan wees, jy 'n pastoor kan wees, jy 'n *dit*, *dat*, of die *ander* kan wees nie, maar as daardie Woord van ewige Lewe deur God se Woord verordineer is in jou, en jy sien die ding op hande, begin dit werk, beweeg uit soos daardie. [Broer Branham klap sy vinger 'n paar keer—Red.] Begin uitkom! Begin Dit begryp!

255 En hy het geweier om die seun van Farao se dogter genoem te word, omdat hy die smaad van Christus groter skatte geag het as al die rykdomme van Egipte, of die wêreld. Hy het Dit geag. Kyk wat het hy gedoen, hy het Dit gevolg. Uit, spoedig is hy uitgewerp uit sy volk, die volk wat hom eers liefgehad het.

256 Dit mag jou alles kos wat jy het. Dit mag jou jou huis kos, Dit mag jou jou vriendskap kos, Dit mag jou jou naaldwerksirkel kos, Dit mag jou jou plek by die Kiwanies kos. Dit mag. Ek weet nie wat Dit jou mag kos nie, maar Dit sal alles kos wat wêrelds is of lyk soos die wêreld. Jy sal jou moet afsonder van alles wat wêrelds is. Jy sal dit moet doen.

257 Moses het alles afgelê en in die woestyn ingegaan met 'n stok in sy hand. Amen! Dae na dae het verbygegaan. En wonder of hy gedink het hy het 'n fout gemaak? Nee.

258 Baiekeer begin mense, en hulle sê: "O, ek sal dit doen. Glorie aan God, ek sien Dit!" Laat iemand vir jou lag en met jou spot: "Ek was waarskynlik verkeerd."

259 Hy het gesê: "Hulle wat nie tugtiging kan verduur nie, is onegte kinders en nie die kinders van God nie." Sien, hulle is opgewerk in die emosie. Sien, die saad, waarvan ek 'n rukkie gelede gepraat het, daardie siel was nie daar om mee te begin nie. Dit is gesalf met die Gees, en hy het allerhande gedoen. O, julle, hulle. . . Wanneer jou gees gesalf is, kan jy. . . Dis die ware, egte Heilige Gees, en jy kan steeds 'n duiwel wees.

260 "O," sê jy: "Broer Branham!"

261 Vals profete! Die Bybel het gesê: "In die laaste dae sal daar vals profete wees." Jesus het gesê: "Daar sal vals christusse opstaan." Nie "vals Jesusse" nie, nou, niemand duld dit nie; maar "vals christusse." *Christus* beteken "die gesalfdes." Valslik gesalf, hulle is gesalf, maar hulle is vals aan die onderkant daarvan, en doen groot tekens en wonders, praat in tale, dans in die Gees, preek die Evangelie.

262 Judas Iskáriot het dit gedoen! Simeon. . . of nee, verskoon my. . . Kajafas het geprofeteer! Bileam die skynheilige! Sekerlik, het al die tekens gedoen, alles, al die godsdienstige bewegings.

263 Maar, julle sien, julle plaas 'n kankerroossaad en 'n koringsaad in dieselfde bedding en gooi die water oor hulle uit en salf hulle, sal hulle albei juig. Hulle sal albei daardeur groei, dieselfde water. "Die son skyn op die regverdige en die onregverdige, en die reën val op die regverdige en die onregverdige, maar aan hulle vrugte sal jy hulle uitken." Hoe kan jy nie met die Woord oplyn nie? Amen. Sien wat ek bedoel? "Die water val op die regverdige en die onregverdige," gesalf.

264 Jesus het gesê: "Hulle sal na My toe kom in daardie dag, sê: 'Here! Here! Het ek nie duiwels uitgedryf nie? Het ek nie al geprofeteer nie? Het ek nie groot dinge in U Naam gedoen nie?'" Hy sal sê: "Julle werkers van ongeregtigheid, gaan weg van My, Ek ken julle glad nie eens nie. Gaan na die ewige hel wat voorberei is vir die duiwel en sy engele." Julle sien? Wat 'n Woord! Valslik. Aanbid tevergeefs, streef tevergeefs. Waarom doen julle dit, wanneer julle dit nie hoef te doen nie? Waarom 'n plaasvervanger neem, terwyl die Hemele vol van die egte is? Sien? Julle hoef dit nie te doen nie.

265 Nou vind ons Moses, gesalf, niks kon hom omdraai nie. Sy eie broers het hom geweier; dit het hom nie gestop nie. Hy het reguit voortgegaan in die woestyn in. En eendag daarbuite, het hy God van aangesig tot aangesig ontmoet, met 'n Vuurkolom wat in 'n bos gehang het. Gesê: "Moses, trek uit jou skoene, jou grond waarop jy staan, is Heilig. Want Ek het die jammerklagte van My volk gehoor, en Ek het gehoor van hulle smarte, en Ek onthou My belofte van die Woord. En Ek kom af, Ek gaan jou soontoe stuur om hulle uit te neem." Sekerlik. Hy het God van aangesig tot aangesig ontmoet, hy het met Hom gepraat. Hy is deur God opdrag gegee.

266 God het reguit teruggekom, daardie selfde Vuurkolom, en daardie profeet bevestig, wat op daardie berg staan; om te bewys dat dit was, toe Hy sy hande geneem het en allerhande wonderwerke en dinge gedoen het. O, hulle het die nabootsers gehad. O, sekerlik. Daar was Jambres en Jannes, reg rondom gestaan, dieselfde ding gedoen wat hulle gedoen het. Maar wie was die oorspronklike? Sien? Waarvandaan het dit begin? Het dit van die Woord af gekom? Was dit die uur?

267 En weet julle daardie selfde ding is weer belowe in die laaste dae? "Soos Jambres en Jannes Moses teëgestaan het, so sal hierdie mense, verdorwe in die verstand, onbetroubaar ten opsigte van die Waarheid." Sien, in die laaste dae. En doen dieselfde ding, (boots alles na), net op dieselfde sloot: "Vark wat na sy rolplek gaan, en 'n hond na sy braaksel."

268 Julle Pinksters wat uit daardie organisasies gekom het, jare gelede en hulle vervloek het, julle vaders en moeders; en julle het reguit omgedraai en dieselfde ding gedoen wat hulle gedoen het, en nou net dieselfde rolplek en braaksel. Sien? As dit die Kerk dit

laat uitbraak het in die vroeë Pinkstertydperk, sal Dit dit weer laat uitbraak vandag. Sien? Dit moet wees, egter, dis die dop, moet kom. Die pluim kan nie die enigste een wees nie; die dop moet kom, sien, die draer. Nou ons lewe in die laaste dae, hou die dinge dop wat belowe is vir die uur.

269 Hou dop hoe hierdie Moses bevestig is. Weet! Toe hy daar uitgekom het, het party van sy eie broers teen hom gedraai, wou 'n organisasie maak. Hulle het gesê: "Jy maak asof jy die enigste heilige man onder ons is." "Die hele gemeente is heilig," het Korag, Datan gesê. "Laat ons manne uitkies en iets doen."

270 Moses, hy . . . Ek het jammer gevoel vir hom. Hy het afgegaan, gesê: "Here . . . " Voor die altaar neergeval en gesê: "Here!"

271 God het gesê: "Sonder jouself af van hulle. Ek het genoeg gehad daarvan." Net die aarde oopgemaak en hulle ingesluk. Dis al. Sien, hy het sy opdrag geken.

272 God werk nie met organisasies nie, Hy werk nie met groepe nie. Hy werk met individue. Dis reg. Altyd. Nie in groepe nie; individue, een persoon. In die laaste dae, het Hy gesê: "Ek staan by die deur en klop, en as iemand . . . " (nie "enige groep" nie) " . . . iemand My Stem hoor, sal Ek . . . en na My luister, sal Ek ingaan na Hom en maaltyd hou." Sien: "As iemand kan hoor."

273 Hoe kan—hoe kan hierdie mikrofoon nou my stem daarbuite voortbring, as dit nie gemaak is om dit te doen nie? Ek kan teen daardie bord skree, al my mag, en dit sal niks doen nie. Want hierdie is verordineer, en gemaak, geskep, 'n mikrofoon. En as die Woord van God in jou is deur verordinering van God, in jou: "My skape luister na My Stem. Hulle ken My uur. 'n Vreemdeling sal hulle nie volg nie." Sien? Dit moet eerste daardie wees. "Almal wat die Vader My gegee het, hulle sal kom." Elkeen van hulle, sien.

274 Nou gaan hy voort, aan die lewenseinde hier. Hy het net oorgegaan . . . Let op toe hy by die einde van die pad gekom het.

275 En ons sluit nou af, want dit word laat, vyf-en-twintig minute voor tien. Let op. Nou, by die huis is dit vroeg. Omtrent twee- of drie-uur begin ons sê: "Sê, dit word 'n bietjie laat." Sien? Sien? Maar nou, ek het baie aande, heelnag lank gepreek.

276 Paulus het dieselfde Evangelie gepreek in sy dag, en 'n jong man het van 'n—van 'n muur afgeval en homself doodgemaak. En Paulus het, met daardie selfde salwing, met daardie selfde Evangelie, sy liggaam bo-oor hom gelê, hy het weer lewendig geword. Hulle was geïnteresseerd. Die kerk is gevorm. Iets was aan die gebeur. Let op wat hier gebeur het.

277 Moses, toe hy afgekom het . . .

278 Hierdie ryk man, toe hy afgekom het, of, jong heerser waarvan ons gepraat het, baie godsdienstig, en behoort aan die kerk en alles, goeie, geleerde, 'n goeie sakeman, en alles, toe hy

aan die einde van die pad kom, het hy begin skree: "Daar is nêrens om te trap nie!" Waar is sy leierskap? Hy is gelei deur sy kerk, wat dood was. Hy is gelei deur die dooie wêreld, en daar was niks vir hom om in in te stap, behalwe wat die wêreld daarvoor voorberei het nie: hel.

279 Maar hier kom Moses, 'n getroue dienaar, wie die smaad van Christus groter skatte geag het as al die rykdomme van Egipte. Hy het aan die einde van die pad gekom, 'n ou man, 'n honderd-en-twintig jaar oud. Teen die berg opgeloop, en hy het geweet dat die dood vir hom voorgelê het, en hy het oorgekyk in die beloofde land in. En hy het gekyk; daar langs hom het gelê, daar was sy Leier, die Rots. Hy het op die Rots geklim, en die Engele van God het hom weggevoer die Heerlikheid—die Heerlikheid van God in, in die boesems van God in. Hoekom? Agthonderd jaar later, is hy steeds gelei deur sy Leier.

280 Ons vind hom oorkant op die Berg van Verheerliking, wat daar staan saam met Elía, wat met Jesus praat voordat Hy na die kruis toe gegaan het, agthonderd jaar na die dood. Die—die Een wat hy geag het, die smaad van sy bediening, groter skatte as al die gewildheid van die wêreld en al die geld van die wêreld, sy Leier het hom steeds gelei. O, goeiste! Hy is gelei! Sy Leier, Hy het gelei deur die dood, die skadu's van die dood. Hy is gelei na die graf. Honderde jare later, daar het hy weer gestaan, omdat, as sy jeug, hy die leierskap van die Heilige Gees gekies het. Sy naam sal groot wees wanneer daar geen Egipte of skatte meer is nie. Wanneer die piramides stof is, en wanneer Egipte nie meer Egipte is nie, sal Moses onsterflik wees onder die mense, omdat hy die leierskap van Christus aanvaar het in plaas van om die weg te volg wat sy kerk gegaan het.

281 Daar is andere wat dieselfde ding gedoen het. Kyk na Hénog. Hy het met God gewandel vir vyfhonderd jaar, en toe het hy 'n getuienis gehad dat "Hy God behaag het." God het dit bevestig, en gesê: "Dis nie nodig dat jy sterf nie, kom net op Huistoe vanmiddag." En hy het opgegaan.

282 En Elía. Na die uitskel van korthaar–vroue en alles, soos hy het in sy dag, Isébels met verf aan hulle, nadat hy so vol geword het daarvan, en—en alles gedoen het wat hy kon, en al daardie priesters wat hom bespot, en al die res, het hy afgeloop na die rivier toe eendag. En net oorkant die rivier was die perde vasgemaak aan 'n bos daar oorkant, 'n vuurwa en perde van vuur. Hy het net opgeklim, en sy mantel afgegooi na die volgende profeet om hom op te volg, en het opgegaan in die Hemel in. Hy het die leierskap van die Ewige Lewe aanvaar, want dit was Christus wat in Elía was. O! Ja, meneer!

283 Wat was dit? "Volg My!" Nou, jy moet *jou* leier kies. Julle moet dit kies, vriende. Kyk in God se spieël, die Bybel, en kyk waar jy vanaand is.

284 ’n Storietjie. ’n Klein kindjie het eenkeer, het buite in die platteland gewoon. Hy het nog nooit ’n spieël gesien nie, en hy het in die stad ingekom om sy ma se suster te besoek. En sy het ’n huis gehad. . . en die outydse huise het altyd ’n spieël teen die deur gehad; ek weet nie of julle dit onthou of nie. Maar hierdie seuntjie, hy het nog nooit ’n spieël gesien nie. So hy speel in die huis rond, en hy het gekyk in die. . . “Huh?” Hy het gekyk na daardie seuntjie. En hy het gewuif, en die seuntjie het gewuif. En hy het sy oor getrek, en die seuntjie het sy oor getrek. Ensovoorts. Hy het bly naderkom, naby, en hy het omgedraai en gesê: “Mamma! Dis ek!” Dis ek.

285 Hoe lyk *jy*? Wat volg *jy*? Wat het ons gedoen? Jy moet jou *leier* kies. Kies vandag. Jy kies Lewe of dood. Jou keuse sal jou Ewige bestemming bepaal, wat jy kies. Onthou, Jesus het gesê: “Volg My.” En jy word vanaand uitgenooi om dit te doen. En om Hom te volg na Ewige Lewe, moet jy volgens Sy bepalinge kom, dis reg, die Woord. Nie volgens die leerstellinge nie, nie volgens die openbare opinie nie, nie volgens wat enigiemand anders Daarvan dink nie, maar volgens wat God Daarvan gesê het.

286 Jy sê: “Wel, Broer Branham, ek ken ’n vrou net so goed as wat sy kan wees, sy maak *so*. Ek ken ’n man wat *hierdeur* gegaan het.”

287 Ek kan nie help wat hulle gedoen het nie. God se Woord, Hy het gesê: “Laat elke mens se woord ’n leuen wees, en Myne die Waarheid wees.” Jy moet volgens Sy bepalinge kom, volgens Sy voorwaardes kom, die Woord. Jy kan nie deur leerstellinge kom nie. Jy kan nie deur denominasie kom nie. Jy kan Dit nie so vermeng nie. Daar’s net een ding wat jy kan doen: aanvaar Dit volgens Sy bepalinge, dat jy bereid is om te sterf aan jouself en al jou gedagtes, en Hom te volg. “Raak ontslae van al die dinge van die wêreld en volg My.”

288 Ek weet dis ’n streng, snydende Boodskap, broer. Maar ek het nie hiernatoe gekom en ’n—’n boodskap gekies vir die mense om hulle te laat probeer sing, skree, uitroep nie. Ek was in heidense byeenkomste waar hulle dieselfde ding gedoen het. Ek is geïnteresseerd in jou lewe. Ek’s ’n dienaar van God wat eendag aan God moet antwoord, en die bediening wat die Here my gegee het, het ditself bevestig duisende kere voor julle.

289 Onthou, Jesus het gesê: “Volg My. Volg My. Raak ontslae van wat jy het, en volg My.” En dis die enigste manier om Ewige Lewe te hê. Dis die enigste oplossing wat Hy vir hierdie man gegee het, was die enigste oplossing wat Hy vir hierdie sakeman gegee het, dis die enigste oplossing wat Hy vir enigiemand gee. Sy keuse, Hy Sy besluit neem, is dit elke keer volmaak. En ons moet *Hom* volg, is die enigste manier om Ewige Lewe te hê. So die leierskap van God is: volg die bevestigde Woord van die uur deur die Heilige Gees.

Laat ons ons hoofde buig.

290 Ek gaan vir julle 'n vraag vra, en ek wil hê julle moet baie opreg wees. Ek wil hê die suster moet dit vir my speel, *Ek Kan Hoor My Heiland Roep My*. Ek weet dis 'n outydse altaaroproep. En broer, suster, soos ons sien, kyk net wat vandag aangaan. Nou met julle hoofde gebuig, dink net vir 'n minuut, kyk wat vind plaas.

291 Het julle die koerant gelees verlede week wat daardie man in Engeland gesê het? Dat "Die kruisiging van Jesus Christus was net 'n bedrog, dit was net ooreengekom tussen Hom en Pilatus."

292 Het julle gesien wat hierdie Amerikaanse teoloog gesê het? Hy het gesê dat "Jesus is net aan die slaap gemaak met liefdesappel-kruid." Baie van julle teoloë weet, daar terug in Génesis waar dit gepraat het van liefdesappel-kruid. Dit sal jou aan die slaap maak asof jy dood is, jou hart klop skaars vir twee of drie dae op 'n keer. "En toe hulle vir Hom die asyn en gal gegee het," het hulle gesê: "dit was liefdesappel-kruid. En hulle het Hom daarbo in die graf gesit, en Hy het daarbo geslaap vir drie dae. En, natuurlik, toe hulle soontoe gegaan het, het hulle Hom sien rondloop." Kan julle julle dit voorstel? Teoloë, kweekskole, skyngeloof. Dan, hoe in die wêreld... Eerste plek, die Bybel sê Hy het dit geweier, toe hulle die asyn en gal in Sy mond gesit het.

293 En nog iets, as dit so is, dan waarom het daardie dissipels "wat gekom het en Hom weggesteel het," waarom het hulle hulle lewens gegee as martelare vir Hom? En geval, hulleself nie eens waardig geag om te sterf soos Hy gesterf het nie; hulle onderstebo gedraai en sywaarts op kruise en goed. En as hulle was... geweet het Hy was 'n skynheilige en hulle self skynheiliges, hoe sou hulle hulle lewe vir Hom gegee het daarvoor?

294 O, julle sien, dis hierdie intellektuele dag waarin ons lewe. Geleerdheid, beskawing, en die moderne orde van die dag, dis alles van die duiwel. "Beskawing van die duiwel?" Ja, meneer! Die Bybel het gesê dit is. Hierdie beskawing het dood. "Sal ons 'n beskawing soos hierdie hê in die ander wêreld?" Nee, meneer! Ons sal 'n ander soort beskawing hê. Geleerdheid, al hierdie dinge, hulle is van die duiwel; wetenskap wat die natuurlike dinge verdraai, iets anders maak.

295 Kyk wat het hulle nou aan julle gedoen. Wanneer jong dames... Die *Reader's Digest* het gesê, week na... voorverlede maand, glo ek was dit. Die *Reader's Digest* het gesê dat "Jong mans en jong vroue gaan deur die middeljare, vroue in menopouse tussen twintig en vyf-en-twintig jaar oud." Nog een geslag, sal hulle niks wees behalwe... Dit sal verskriklik lyk. Sien? Wat die skepsels sal wees, versag, smerig. Kyk na die—kyk na die gees, kyk hoe die gees in die kerk geraak het, verbaster, ondertrou met die wêreld. O, wat 'n uur! Vlug, kinders! Vlug! Vlug na die Kruis! Kom na Christus, laat Hy julle lei.

296 Terwyl ons nou ons hoofde gebuig het, ons oë toe, en buig asseblief jou hart, dieselfde tyd. Sal jy? Ek wil vir jou ’n vraag vra. Kyk jy regtig na jouself, voor God? En voel jy dat jy nie is waar jy—jy behoort te wees in hierdie uur nie? Want die Wegraping kan op enige tyd kom. Sien, dit sal kom.

297 Daar sal net wees, as—as daardie stelling reg is wat ek ’n rukkie gelede gemaak het, sal daar net omtrent vyfhonderd mense in die Wegraping wees, wat lewe, wat verander sal word. Tog, deur alle Christendom saam te neem, Katoliek en almal, is daar net vyfhonderd miljoen mense, sien, Christendom bely. En een uit ’n miljoen, sal vyfhonderd mense wees. Daar word omtrent soveel mense vermis elke dag, oor die wêreld, wat ons nie eens van hulle kan rekenskap gee nie. Sien, dit sal kom, en jy sal dit nie eens weet nie. Mense sal aanhou preek, en sê . . . Sien, en dit sal alles verby wees.

298 Soos Jesus gesê het. Hulle het gesê, die dissipels het gesê: “Waarom sê die skrifgeleerdes, sê: ‘Elía moet eers kom’?”

299 Hy het gesê: “Hy het alreeds gekom en julle het hom nie geken nie, maar hulle het aan hom gedoen wat hulle gesê het hulle sou doen.”

300 Jy weet jy is nie reg met God nie, en jy wil graag onthou word in . . . voor God, dat God jou hart sal regmaak met God. Sal jy net nederig nou, in hierdie baie stil oomblik, jou hande opsteek? Ek gee nie om wie jy is nie, sal jy dit nie doen nie? Jy sê: “Ek sal my hande opsteek na God.” God seën jou. God seën jou.

301 Kyk julle in die Spieël? Ek vra julle in Christus se Naam, kyk julle in God se Spieël? [’n Broer praat in ’n ander taal. ’n Broer gee ’n uitleg—Red.] Amen.

302 Ek wil een ding vra. Hoeveel hierbinne is Pinksters? Steek jou hand op, is Pinksters. Omtrent almal van julle. Nou, hoeveel hierbinne maak aanspraak om Christene te wees? Steek julle hande op, waar jy ook al is, aanspraak maak om ’n Christen te wees. Het jy geweet die Bybel praat hiervan, dat dit sou gebeur?

303 Hierdie het selfs in die Ou Testament gebeur toe hulle gewonder het wat hulle sou maak, hoe hulle kon wegkom van die beleg wat sou kom. Die Gees het op ’n man geval en hy het geprofeteer en vir hulle vertel waar om die vyand te ontmoet, en hoe, hulle die vyand kon oorwin. Dit was die Ou Testament, dieselfde as die Nuwe.

304 Nou, iemand mag sê: “Daardie man, o, dit was nie so nie.” Maar wat as dit so ís? Jy sê: “O, ek het dit al vantevore gehoor.” Maar wat as hierdie so ís? Jy sien, dit bewys dan dat daar baie hierbinne is wat ’n hartsverandering nodig het, as dit die Heilige Gees is wat praat. Daar’s dinge wat gedoen moet word, so nou is dit by julle.

Net soos ek is, sonder een versoek,
Maar net U Bloed gestort vir my,
En dat U vra . . .

Dis wat, Hy het jou net toe geroep.

. . . na U,
O Lam van God, . . .

"Ek sal daardie eiewyse hart wegvat, en 'n hart van vlees daar insit, wat sal toegee aan My." Sien?

. . . kom!
Net soos ek is, sal U ontvang,
Sal . . .

Sal jy jou keuse maak vanaand? Jy kan enigeen maak wat jy wil.

. . . reinig.

Jy sê: "Ek het dit al vantevore gehoor." Maar hierdie mag jou *laaste* keer wees wat jy Dit sal hoor.

Omdat ek U belofte glo,

Die outydse altaaroproepe, hulle is uit die mode vandag, maar God beweeg steeds in hulle. Kan julle Dit nie voel beweeg op julle nie, kerk?

. . . ek kom!

305 [Broer Branham begin neurie *Net Soos Ek Is*—Red.] O, dink, vandag, die harte word soos klip, gevul met die wêreld, onverskillig, kerklidmate, louwarm, soos daardie ryk, jong heerser; en weet nie dat die groot Heilige Gees staan, en klop aan die deur in hierdie Laodicése eeu nie. "Hy wat My Stem (die Woord) sal hoor, sy hart sal oopmaak, Ek sal inkom by hom en sal saam met hom maaltyd hou."

306 En die Gees wat deur hierdie broer gespreek het 'n paar minute gelede, het gesê: "Ek sal daardie hart van klip uit julle uithaal, en vir julle 'n hart van vlees gee, sag teenoor God." Kyk hoe het dit nou geword, net 'n—'n intellektuele, emosie. Sien? Nie 'n sagte hart vol liefde en soetheid teenoor Christus nie.

307 [Broer Branham begin die koortjie neurie—Red.] Wil jy nie daardie soort hart hê nie? Hoe gaan jy voor Christus staan met 'n intellektuele begrip van Hom? Jy moet die Ewige Lewe aanvaar.

. . . gestort . . .

Die voorsiening is gemaak deur die Bloed.

En dat U vra . . .

Wat het Hy gedoen? Sy Bloed gestort. En vra jou nou: "Kom."

. . . na U,
O Lam van God, ek kom! Ek kom!

308 Laat ons, elke Christen, net ons hande nou stil opsteek en bid.

309 O God, asseblief, Here, begryp hierdie dag waarin ons lewe. O, dis so moeilik, Vader. Satan het net soveel gedoen aan die mense. Hulle harte het soos klip geword. U Gees spreek reg uit; U Woord kom voort, bevestig; maar die outydse, wedergebore ondervinding, hulle is . . . dit het 'n denominasionele, intellektuele begrip, 'n klomp musiek, 'n klomp geskree, en 'n klomp aanganery geword. Maar, regtig, daardie hart van vlees, daardie Gees, daardie Ewige Lewe, Dit het beslis 'n vreemde ding vir die kerk geword.

310 God, dit breek my eie hart, en ek 'n—'n sondaar gered deur U genade. Dit laat my so sleg voel, Vader, om die kerk te sien waarvoor U gesterf het, die kerk wat U probeer verlos. Ek dink aan die visioen wat U my so pas gegee het van daardie kerk van die Verenigde State en van ander lande. Wat 'n vreeslike ruk-en-rol ontkleedans was dit nie. Maar iewers langs die pad het ek 'n ander een sien voortkom, geseënd.

311 Ek bid, Vader, dat as daar diegene hier is vanaand wat verordineer is tot die Lewe, of Dit graag sal wil aanvaar, dat dit die uur sal wees wat hulle dit sal doen. Skenk dit, Here. Breek nou die hart van klip op, die ou hart van die wêreld. En as hulle vrede wil hê, hulle iets wil hê wat bevredig, iets wat versekering gee, mag hulle die leierskap van Christus vanaand aanvaar om hulle te lei na 'n—'n Vrede wat alle verstand te bowe gaan, 'n Vreugde wat onuitspreeklik en vol heerlikheid is, of selfs iets wat die dood self nie kan skaad nie. Skenk dit, Vader.

312 Nou, met ons hande op, wonder ek of . . . Hoeveel in die gebou nou sou net sê: "Ek gaan staan." Nou, ek gee nie om wie langs jou sit nie; Dis God wat met jou praat. En jy wil regtig 'n ware Christen wees. Sien? Enigiets wil . . . Behalwe as dit 'n nabootsing is; o, ek sou liewer uitgaan en in die wêreld wees. Ek glo jy sou, ook.

313 Nou, ondersoek net jouself volgens die Woord, volgens die Boodskap. Ondersoek wat 'n regte Christen moet wees: gehard, liefdevol, nie een van hierdie moderne Christelikheid nie. Tog, dis sag, buigbaar, halfdood, verrot, verbaster. Sien, dis nie die regte Christelikheid nie; lewe op enige manier, en behoort aan die kerk. Wil jy nie daardie soete gemeenskap met Christus hê, die Heilige Gees, wat jy . . . die gelykvormigheid van jou eie hart met die Woord, reguit opbeweeg in Christus in nie? As jy dit wil hê, en wil hê God moet jou sien standpunt inneem, reg in hierdie groep mense vanaand, as jy dit net sal doen.

314 Jy sê: "Sal dit enigiets beteken, Broer Branham?"

315 O, ja. Dit sal, beslis. "As jy jou skaam vir My voor mense, sal Ek My skaam vir jou voor My Vader en die heilige Engele. Maar

hy wat My sal bely en vir My sal staan in hierdie land, Ek sal vir hom staan in daardie Land. Ek sal hom bely voor My Vader.”

316 Nou, maak nie saak wie jy is nie, vrou, man, seun, meisie, wie jy ook al is, Christen of nie Christen nie, prediker, diaken, wat jy ook al is, as jy net sal glo met jou hele hart, net vir ’n oomblik, en net soveel as dit sal doen om God te laat weet dat jy opreg is. “God . . . ”

317 “Nou, kyk, ek’s ’n *Pinkster*,” sê jy. “Ek’s hierdie,” of wat jy ook al is. “Ek maak aanspraak om in die Gees te dans. Maar, Broer Branham, ek het gedink solank as wat ons dit gehad het, het ons Dit gehad.” Julle het nie.

318 As julle glo dat ek God se profeet is, luister julle na my Woorde. Sien? Dis ’n misleiding in hierdie dag. Het die Bybel nie gesê nie: “Dit sou so naby wees dat dit die Uitverkorenes sou mislei as dit moontlik was nie”? Die *Uitverkorenes*, “af na die siel.”

319 Maar as jy gedans het in die Gees, steeds met die dinge van die wêreld, is daar iets verkeerd. As jy in tale praat; het Paulus gesê: “Ek kan met tale van mense en engele praat, en steeds nie eens gered wees nie.” Uh-huh, altwee soorte, sien. “Ek kan al die emosies doen, ek kan geloof hê, ek kan die Evangelie preek, ek kan al my goed gee om die armes te voed, ek kan die Woord dra in die sendingvelde oor die . . . en steeds is ek niks.” Sien? Dis daardie Binneste van die binneste, broer. Daardie . . . Jou gees breek op as jy sterf, dit neem sy vlug, maar jou siel lewe. Sien?

320 Nou kyk na jouself. Regtig, is jy ’n egte Bybelchristen, vol van die liefde van God? Julle onthou, die Bybel het gesê, in die laaste dae wanneer hierdie tyd plaasvind, het Hy gesê: “’n Merk-engel het deur die kerke gegaan, het deur die stede gegaan, en *net* diegene verseël wat gesug en gesteun het oor die gruwels wat in die stede gedoen is.” Is dit reg? Eségiël 9, ons weet dis die Waarheid. Die merk-engel het uitgegaan om ’n Merk te plaas op hulle hoof, voorhoof, hulle verseël: “Hulle wat gesug en gesteun het.”

321 Daarna het daardie verbryselingsengele gekom vanaf die vier hoeke van die aarde, wat spoedig kom, ons sien dit kom, oorloë wat reg inbeweeg wat die hele aarde sal doodmaak. Daar was niks wat hulle nie kon aanraak behalwe wat daardie Merk gehad het nie.

322 Nou soek uit . . . Is jou hart so besorg oor die sondaars, en die manier waarop die kerk en die mense optree, totdat jy kan sug en steun daaroor dag en nag? Indien nie, wonder ek. Dis die Skrif.

323 Sou jy net staan en sê: “Dierbare God, ek staan nie omdat Broer Branham so gesê het nie, maar ek het sy Woord dit hoor sê, en ek gaan hierdie doen. Vir U, Here, staan ek. Ek’s behoeftig, Here. Sal U in my behoefte voorsien hier vanaand in hierdie plek? Ek staan.” God seën jou. God seën jou. “Ek’s behoeftig, ek wil

hê U moet my genadig wees.” God seën jou. “Ek wil die soort Christen wees wat . . . ”

324 Nou, onthou, die persoon wat langs jou staan, is dieselfde ding wat jy is. Ek wil hê jy moet uitreik en hulle hand neem, sê: “Broer, suster, bid nou vir my. Ek wil hê jy moet vir my bid. Ek—ek . . . ” Sê dit net met alle Christelike opregtheid: “Bid vir my. Ek sal . . . Ek—ek—ek wil reg wees met God. Bid jy vir my, ek sal bid dat God jou die geleentheid sal gee.”

325 Ek—ek weet dat ons . . . Ons kan nie veel langer hier bly nie; julle sien dit. Ons—ons is aan die endtyd. Almal wat dit glo, sê: “Amen.” [Gemeente sê: “Amen!”—Red.] Ons is . . . Daar’s niks oor nie. Alles is verlore. Die kerke is oppad na die Ekumeniese raad. Die wêreld, dit . . .

326 Kyk hier! Weet julle wat sê die Here van Los Angeles en hierdie plekke hier? “Sy’s verlore!” Julle onthou wat ek julle vertel het, omtrent twee jaar gelede, hoe daardie aardbewing sou kom in Kanada daarbo, Alaska? Ek sê julle ook dat “Hollywood en Los Angeles gly in die oseaan in. Kalifornië, jy’s verdoem! Nie net Kalifornië nie; maar jy wêreld, jy’s verdoem! Kerk, tensy julle regkom met God, is julle verdoem!” SO SPREEK DIE HEILIGE GEES!

327 Het julle my al ooit daardie Naam hoor gebruik as dit nie gebeur het nie? Vra julle! Julle ken my al twintig jaar. Het ek julle al ooit iets in die Naam van die Here vertel wat nie gebeur het nie? As alles wat ek julle ooit vertel het sou gebeur, gebeur het, sê “Amen.” [Gemeente sê: “Amen!”—Red.] Sien? Ek sê julle, nou is die uur, julle beter regkom, almal van ons.

Nou laat ons elkeen vir die ander bid:

328 Dierbare God, soos ons hier staan vanaand, ’n sterwende mense, is ons aangesigte gekeer na die aarde, die stof. Ons net . . . U het vir ons hierdie snydende boodskap gegee, Here. Ons sien die voorbeeld van twee manne. Een van hulle, as ’n godsdienstige man, het kerk toe gegaan, maar het die leierskap na Ewige Lewe verwerp. En die ander het die wêreldse roem verwerp en *gedraai* na Ewige Lewe. En ons sien albei van hulle toestande vanaand, volgens die Bybel: is die ryk man in die pyniging, en Moses is in Heerlikheid.

329 Vader, ons wil soos Moses wees. Ons wil gelei word deur U Heilige Seun, Jesus Christus, na die Ewige Lewe. Skenk Dit aan ons harte vanaand, Here. Skeur die ou hart van klip uit; plaas in ons die nuwe hart, die hart van vlees, die hart waarmee U kan praat en mee werk, en ons sal nie hoogmoedig of anders wees nie. Mag die Heilige Gees nooit weggaan nie, Here. Mag Dit kom en hierdie mense ordineer. Praat met hulle; breek hulle wil van klip stukkend, en plaas die wil van God in. Red elkeen, Vader. Gee vir ons van U liefde. Kry ons by ’n plek, Here, dat ons sal wegkom van al die—al die emosionele deel, na die regte soliede

deel van die gevoel. . . die innige deel, die diepte van die Gees, die rykdomme van God, die Koninkryk van die Gees in ons harte. Skenk dit, O Groot Leier, groot Heilige Gees, voor U U vlug neem in die hemele in met U Kerk.

330 O God, laat my gaan, Here. Moet my nie agterlaat nie, Jesus. Laat my saam met U gaan, Vader. Ek wil nie hier op hierdie aarde bly om te kyk hoe hierdie verdrukkinge aankom nie. Ek wil nie hier bly in hierdie kranksinnigheid nie. Ek wil nie hier staan wanneer verskriklike gesigte. . . die mense wat hulle verstand verloor nie. Ons kyk na mans wat soos diere probeer optree en lyk soos diere; en die vroue wat soos diere probeer lyk, met die verwe op hulle gesigte. In die wete dat hierdie dinge voorspel is om te gebeur, dat die ding sal, hulle so kranksinnig sal word tot sprinkane sal opstaan met hare soos vroue om by die vroue te spook; en tande soos leeus, en dinge wat U gesê het, die verstandelike toestand van die mense sal heeltemal verlore wees. Ons sien dit nou in wording, Here. Help ons! Herstel ons tot die gesonde verstand van Christus Jesus, ons Here.

331 O Groot Leier van Ewige Lewe, ons aanvaar U belofte vanaand, Vader. Ek pleit vir hierdie mense. Ek pleit vir elkeen van hulle, in die Naam van Jesus Christus, Here. Ek bid dat Christus, die Seun van God, in elkeen van ons se harte sal inkom, Here, en ons sal vorm en ons sal maak in nuwe skepsels in Jesus Christus. Skenk dit, Here God.

332 Ons het U lief. En ons wil ons ingesteldhede. . . ons verandering in ons laat inkom, dat ons U kinders kan wees, U Gees in ons harte kan voel beweeg, Here, wat ons versag en ons bring tot die besef van hierdie kranksinnige eeu waarin ons lewe. Skenk dit, God. Wanneer ons jong vroue so vasgevang in die web van die duiwel sien, jong mans, verdraaide verstande, kinders, dwelmslawe, wat sigarette rook, drink, onsedelik, Satan se Eden.

333 God, dit het U sesduisend jaar geneem, volgens die Bybel, om ’n Eden te bou. En U het U seun en sy vrou (sy bruid) daarin geplaas, om daaroor te heers. En Satan het gekom en dit verdraai; hy het sesduisend jaar gekry, en hy het sy eie intellektuele Eden gebou, deur wetenskap, en geleerdheid, en sogenaamde intelligensie, en hy het dit gebou tot ’n gemors van dood.

334 O God, neem ons weer terug na Eden, Here, waar daar geen dood is nie, waar daar geen hartseer is nie. Skenk dit, Here. Ons staan nederig, in afwagting vir die tweede Adam om te kom vir Sy Bruid. Maak ons deel van Hom, Vader. Ons bid in Jesus’ Naam. Amen.

335 Is julle lief vir God? Kan julle voel. . . Besef julle wat ek julle probeer vertel? As julle kan verstaan, steek net julle hande op, sê: “Ek verstaan wat jy probeer sê.” Kan julle die kranksinnigheid van hierdie eeu sien? Kyk hoe verlore dit is, daar’s nie eers

meer verstand onder die mense nie. Dis verlore! Waar is ons . . .? Selfs leiers.

336 Kyk na ons President! “As hulle Kommunisme wil hê, gee dit vir hulle. Wat ook al die mense wil hê, gee dit vir hulle.” Waar is ons Patrick Henry’s, ons George Washington’s? Waar is ons leiers wat kan staan vir ’n beginsel? Ons het hulle nie meer nie.

337 Waar is ons kerke, ons predikers? Sal die mense net inneem op proef, of inkom, by die kerk aansluit en *dit* doen of ’n sensasietjie kry of iets. Waar is daardie manne van God, daardie profete wat uitstaan en waag om te besmet, die dinge van die wêreld uit te daag?

338 Waar is daardie manne van integriteit? Waar is hulle? Hulle is so sag, en deur intellektuele begrippe en dinge, totdat hulle nie meer hier is nie. O God, wees ons genadig.

339 Hierdie vreeslike gesigte wat op die aarde kom. Jy kan sien hoe die mense reguit daar inbeweeg. Dis ’n kranksinnigheid. Maar wanneer daardie ding tref, sal die Kerk weg wees.

340 God, laat ons daar wees. Dis my gebed tot die groot Bonatuurlike Wese wat in hierdie gebou is vanaand, die groot Christus wat steeds Ewige Lewe het. Ek bid U, Christus, soos ek hier is met my oop oë, kyk na die kerk wat U verlos het met U Bloed. God, moenie dat een van ons verlore gaan nie. Ons wil reg wees teenoor U. So reinig ons, O, Here, van al ons ongeregtighede. Neem ons sondes en dinge weg.

341 Ons het U ons siekes sien genees, selfs ons dooies oprig (weer laat lewe deur gebed), en ons het al hierdie dinge sien gebeur, Vader. Nou laat *ons* weer Lewe, geestelik; bring ons weer tot die besef van Ewige Lewe deur Christus Jesus. Skenk dit, Vader. Ek vertrou dit alles toe aan U. In Jesus Christus’ Naam.

> Weer ontmoet! Weer ontmoet!
> Weer ontmoet aan Jesus’ voet;
> Weer ontmoet!

Kyk na Hom. Laat Hy ons versag.

> . . . ontmoet!
> God sy met jou tot ons weer ontmoet!

342 Steek nou ons hande op:

> Weer ontmoet! Weer ontmoet!

Broer Salano, wie ook al volg. [Iemand sê: “Enigiets anders?”—Red.] Nee. God seën julle.

*Leierskap* AFR65-1207
(Leadership)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Dinsdagaand, 7 Desember 1965, vir die Volle Evangelie Sakemansgemeenskap se Internasionale Dinee by die Covina Bowl in Covina, Kalifornië, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2018 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org